Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

AFRIKAANS HUISTAAL V2 NASIENRIGLYN

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 59 bladsye.

NASIENRIGLYNE

1. As ’n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As ’n kandidaat in AFDELING A al vier vrae en die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As ’n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As ’n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae*:*
   As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener/vakhoof. Die nasienriglyne is slegs ’n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

Kopiereg voorbehou

12. Vir hierdie geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die eerste maal en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - ’n Reeks treffende argumente is stelling wat met:
        - relevante verduidelik gemotiveer word./OF
        - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./OF
        - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - ’n Treffende argument is **nie** noodwendig in die format **punt, verduideliking én illustrasie nie.**
    - Lees die opstelvraag ’n tweede maal om die struktuur en taal te assesseer.
    - Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om ’n bepaalde punt by inhoud toe te ken **nie**.

AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

"Suiwer wiskunde" – N. P. Van Wyk Louw

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

Kodes:
H – Halfrym
E – Enjambement
R – Retoriese middel

LET WEL:
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Nasienriglyn by Vraag 1:
  - ❖ Vir uitsonderlike inhoud sal die kandidaat minstens 1 van elk aanbied, m.a.w. minstens 1 halfrym, 1 enjambement en 1 retoriese middel is aan die gevolge van tyd wat tot stilstand kom.
  - ❖ Kandidaat kan die aspekte in enige volgorde aanbied.

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	**MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/ PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n toepaslike inleiding aan.		
HALFRYM		
Die verval van die moontlikheid van bevrugting a.g.v. die stolling van tyd word deur alliterasie beklemtoon.	Die herhaling van die "v"-klank beklemtoon dat die blom nooit bevrug sal word indien tyd tot stilstand kom nie, aangesien die by bewegingloos voor die blom sal bly.	Versreël 2: *" voor die blom wat nooit bevrug"*
	Verder word die stolling van die bevrugtingsproses deur die herhaling van die "s"-klank beklemtoon, wat daarop dui dat voortplanting en dus lewe nie meer sal plaasvind nie.	Versreël 3: *"nooit sal saadskiet"*
Die stolling van tyd sal natuurlike prosesse, soos die beweging van lug, tot stilstand bring en dit word deur assonansie en alliterasie beklemtoon.	Die herhaling van die "aa"-klank vertraag die tempo en ondersteun die idee van 'n geleidelike totstandkoming van stilstand.	Versreël 5: "*het stil soos ys gaan staan"*
	Die s-alliterasie beklemtoon verder die idee dat die lug sal stol, wat impliseer dat alle natuurlike prosesse tot stilstand sal kom.	Versreël 5: *" het stil soos ys gaan staan"*

Die brander wat nie sy natuurlike proses van ombuiging kan voltooi wanneer tyd stilstaan nie, word deur middel van alliterasie en assonansie uitgehef.	Die herhaling van die "w"-klank beklemtoon dat die brander die natuurlike proses "wou**"** voltooi, maar verhinder word deur die stilstaan van tyd.	Reël 6: *"Die brander wat wou oorbuig,*"
	Die y-assonansie plaas klem op die woord "bly" en dui daarop dat die brander nie sal breek nie, maar in 'n vaste posisie sal bly hang. Indien hierdie proses nie voltooi word nie, kan die voortbestaan van lewe nie voortduur nie.	Reël 7: *"bly in sy ligte sirkels vasgehou"*
	Die herhaling van die "s"-klank in die slotreël bevestig dat die stolling van tyd veroorsaak dat die brander nie breek nie en dat geen nuwe lewe sal voortvloei nie.	Reël 8: *"en moet sy see 'n ewigheid versuim"*
ENJAMBEMENT		
Enjambement plaas betekenisvolle woorde in beklemtoonde posisies en verbind terselfdertyd die beelde wat met die stollingsidee verband hou.	Die aaneenlopende versreëls vanaf versreël 1 tot 2 plaas die woord "hang" in 'n beklemtoonde posisie en beklemtoon sodoende die beweginglоosheid van die by as gevolg van die tyd wat tot stilstand gekom het.	Reël 2: *"hang roerloos"*
	Verder word die verskillende beelde van stolling aan mekaar verbind deurdat sleutelwoorde in beklemtoonde posisies geplaas word, byvoorbeeld die tyd, die by, die lug en die brander.	Reël 2: *"Nooit bevrug" /* Reël 3 en 4: *"nooit verby / hierdie verstarde uur"* Reël 4 en 5: *"Die lug / het stil soos ys gaan staan,"* Reël 7: *"sirkels vasgehou"*
Daarbenewens verbind enjambement die twee strofes en beklemtoon die voortgaande effek van gestolde tyd.	Die oorgang tussen strofe 1 en 2 deur enjambement beklemtoon die aaneenlopende en kumulatiewe uitwerking van tyd wat tot stilstand kom, waar elke proses wat stol 'n direkte invloed op die volgende het en uiteindelik tot die beëindiging van alle lewe lei.	Reël 4 en 5: *" Die lug/ het stil soos ys gaan staan,"*
RETORIESE MIDDELE		
Die herhaling van "en" in reëls 1, 3, 5, 6 en 8 hef die aaneenlopende uitwerking wat die stolling van tyd op alle prosesse sal hê.	In reël 1 word "en" direk langs die hipotese geplaas, wat die onmiddellike gevolg van die kanteling van die "uurwerk" op lewegewende prosesse aandui.	Reël 1 "*En die ligbruin by"*

	Die verdere herhaling van "en" beklemtoon dat elke voorafgenoemde beeld 'n direkte invloed op die daaropvolgende proses het. Die by kan nie die blom bevrug nie; gevolglik sal geen saad gevorm word nie; die lug sal tot stilstand kom en die brander sal nie sy natuurlike beweging kan voltooi nie.	Reël 3, 5, 6 en 8: *" en nooit verby" / "so wit en blou." / oorbuig, val, en skuim, / " en moet sy see 'n ewigheid versuim"*
Die herhaling van "nooit" in versreëls 3 en 4 beklemtoon die onmoontlikheid van voortgesette aksie en beweging binne die natuurlike siklus.	Hierdie herhaling dui daarop dat prosesse van groei en voortplanting wat lewegewend is, nie kan voortduur wanneer tyd tot stilstand kom nie en bevestig die absolute aard van hierdie onmoontlikheid.	Reël 3 en 4: *"nooit bevrug word, nooit sal saadskiet, welk, en nooit verby"*
Kandidaat bied 'n gepaste slot aan.		
		[10]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

"dienaar van die nagereg" – Patrick Petersen

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1.	Die titel verwys na die spreker se pa wat die dienaar van die gereg as polisieman is. √ Dit verwys ook na die pa wat "tjoklit" en "humbugs"/nagereg vir die spreker na sy skof huis toe bring. √ **EN** Die pa se posisie as dienaar van die gereg/posisie as bruin polisieman vir die wit mag assossieer die spreker met iets negatiefs, terwyl die lekkergoed/nagereg 'n positiewe herinnering van sy pa inhou. √ *Die kandidaat bied albei kante van die teenstrydigheid vir een punt aan.*	1 1 1
2.2	B-alliterasie/alliterasie √ **EN** Dit is funksioneel, want dit beklemtoon die beskermingstaak van die polisie vir wie die spreker se pa gewerk het. / dit beklemtoon dat blou lig as die "buffer" dien vir dit wat die Suid-Afrikaanse regering op hierdie stadium bedreig. √ *Kandidaat moet na funksionaliteit verwys.* *Kandidaat kan nie NEE-antwoord aanbied nie.*	1 1
2.3.1	Die spreker ervaar haat teenoor/afkeer vir die polisiemag vir wie sy pa werk. √	1
2.3.2	"hart wat vuiste maak" (reël 12)/ "wat die dood in sy knope opgaar" (reël 15)/ "wag vir één dag" (reël 22) √√ *Kandidaat bied enige TWEE aan.*	2
2.4	Ja, "kloek" verwys na 'n hen wat haar kuikens beskerm en "baai" is 'n beskutte gebied waar bote/skepe veilig is; albei hierdie beelde sluit dus by die idee aan dat iets/iemand beskerm word (nes die polisie mense moet beskerm). √	1
2.5	C / Herhaling √	1
		[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

"Susan Boyle" – Kobus Grobler

VRAAG 1	ANTWOORD	PUNT
3.1	"jy" √/Inskrywing **EN** In die titel word haar naam genoem omdat sy nou 'n sangsensasie is, maar in versreël 1 was sy nog net 'n nommer/nog onbekend/is sy op haar baadjie getakseer. / Net 'n inskrywing √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.*	1 1
3.2	**Dit is effektief** omdat dit beklemtoon dat daar baie deelnemers sonder identiteit is wat oudisies wil aflê. / dit dra by tot die idee dat die deelnemers aangejaag word en soos 'n lam ter slagting is wanneer hul wag om hul oudisie af te lê. √ *Kandidaat moet na effektiwiteit verwys.* *Kandidaat kan nie NEE-antwoord aanbied nie.*	1
3.3	Daar vind progressie plaas vanaf "klein Nasaret" (reël 6), metafories die klein dorpie waarvan sy afkomstig is tot die "hele wêreld" (reël 14) wat van haar weet. / daar vind progressie plaas vanaf almal wat haar "verguis"(reël 4) en sy is "die grap van die jaar" (reël 8), na miljoene wat in "ongeloof" (reël 12) na haar talent kyk. / daar vind progressie plaas vanaf strofe een wat op haar uiterlike fokus ("monobrou en die kapsel") tot in strofe 2 wat op haar talent fokus ("troeteltalent aan die hele wêreld skenk"). √√ *Enige SOORTGELYKE antwoord wat op progressie vanaf strofe 1 na strofe 2 dui.* **EN** Hierdie progressie kan geregverdig word, want aanvanklik het die beoordelaars en skare nie geweet dat sy kan sing nie en het haar op haar baadjie getakseer, maar toe sy begin sing, het hulle in verbasing gestaan oor haar talent. √ **OF** Hierdie progressie kan nie geregverdig word nie, want daar was geen rede vir die beoordelaars en skare om aanvanklik negatief teenoor haar te reageer voordat hulle haar hoor sing het nie./ hulle behoort nie eers na haar te luister voordat hulle positief teenoor haar optree nie. √ *Kandidaat bied JA- of NEE-antwoord met relevante motivering aan.*	2 1
3.4	Vrye vers √ **EN** Die vrye vers sluit by die onopgesmuktheid van Susan Boyle aan. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.*	1 1

3.5	Ja, die boodskap wat daarin opgesluit lê, is dat elke mens 'n talent het wat hul moet vertroetel en gebruik. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.*	1
3.6	Die spreker sien haar talent as 'n geskenk wat sy met die wêreld deel, dus het hy 'n positiewe houding teenoor haar./ het hy baie respek vir haar./ bewonder haar vir wat sy reggekry het. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.*	1
		[10]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

"Op sy branderplank" – Petra Müller

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	Die w-alliterasie/alliterasie/ee-assonansie/assonansie √ Dit beklemtoon die branderplankryer wat die grense wat hy aan hom stel, uitdaag. √	2
4.2	Die woord "hys" impliseer inspanning wat daarop dui dat dit 'n uitdagende taak is om die brander baas te raak. / beklemtoon dat hy 'n hewige stryd met die natuur voer. √	1
4.3	Ja, dit dui tydsverloop aan. / dit dui aan dat die branderplankryer vanaf die see op die strand uitspoel. / dit dui verskuiwing van ruimte aan. √ *Kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
4.4	In reël 8 is die branderplankryer onseker of dit bloed of water in sy mond is en "dit" dui op onsekerheid. √ *Kandidaat moet na albei kante verwys vir een punt.* **EN** Inversie √ **EN** Deur middel van agterplasing word "uit" in die beklemtoonde posisie geplaas en hef dus wat die branderplankryer met die soutsmaak maak, uit. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.*	1 1 1
4.5	Tersine √ **EN** **Dit is geslaagd** aangesien dit die kortste strofe in die gedig is en benadruk dat die branderplankryer bloot mens is (en nie meer individu nie). / hef die universele gedagte uit dat mense/voorvaders deur die eeue die see probeer tem het. √ • *Kanditaat moet na geslaagheid verwys.* • *Kanditaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie*	1 1
4.6	B/vrye vers √	1
		[10]

EN

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

"TUT-TUT" – Bibi Slippers

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.	Oktaaf √	1
5.2	**Reël 5 (Bewys):** Net soos Tutankhamon in die na-dood wandel, net so bewandel die mensdom die aarde soos mense wat aan die slaap/dood is. √ **Reël 6 (Weerlê):** Tutankhamon het met rykdom/positiwiteit in die na-dood ingegaan, maar die mens is "arm van gees"/loop met verdriet rond./ daar word op die uiterlike aspekte van Tutankhamon gefokus, naamlik die goue sequins op sy klere, terwyl daar op die innerlike verval van die 2020's se mensdom ("armoedigheid van gees) gefokus word./ Tutankhamon word beskryf waar hy reeds dood is, terwyl die mens as "half-dood" beskryf word. √	1 1
5.3	Die gedig handel oor die oppervlakkigheid/geestelike leegheid van die moderne mens./ die mens se uiterlike lyk altyd goed, terwyl hulle innerlik hartseer, alleen en halfdood van ellende is./ die mens is 'n sosiale slaapwandelaar wat meganies verby mekaar leef. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.* **EN** Woordspel/klanknabootsing √ **EN** Ja, "tut-tut" beklemtoon hoe die leë mensdom meganies verby mekaar leef/mekaar skaars raaksien omdat elkeen met ellende rondloop/soos motors verby mekaar ry en nie eers weet wat in mekaar se lewens aangaan nie a.g.v. ellende en hartseer. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.* *Kanditaat kan nie NEE-antwoord aandied nie/.*	1 1 1
5.4	krities/sinies √ **EN** Alhoewel mense innerlik leeg en verarm is, troos hulle hulself met uiterlike voorkoms wat die kritiese/siniese toon versterk. / die spreker gebruik "maar ons lyk darm okay" omdat dit in skerp kontras met die vooraf beskrywing van die mens as "halfood van verdriet" staan en dus die siniese toon versterk. √	1 1
5.5.1	b-alliterasie/alliterasie.halfrym	1

5.5.2	'n Mens sou verwag dat iemand wat blinkers aan hul klere het vrolik en gelukkig is, maar eintlik is dit net 'n verbloeming van die mens se hartseer/geestelike verval. / 'n Mens sou verwag dat begrafnisklere donker/swart/sonder blinkers sou wees omdat dit 'n begrafnis met dood, rou en hartseer geassossieer word, maar die spreker sê die mens se begrafnisklere is versier met blinkers, iets wat met feestelikheid, vrolikheid en mooiheid geassossieer word. √ *Kandidaat moed na beide kante van die ironie verwys vir EEN punt.*	1
		[10]
	TOTAAL AFDELING A:	**30**

AFDELING B: ROMAN

KODES:
W – Waardes
K – Keuses
I – Identiteit

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 6: ONDERWÊRELD – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA nagesien.

LET WEL:
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/ PARAFRASE	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
GREG SE BLOOTSTELLING AAN DIE ONDERWÊRELD WORD DIE KEERPUNT WAT SY WAARDES BEïNVLOED.		
Greg se toenemende blootstelling aan die onderwêreld van kuberkrakery en obsessie met die soektog na Eckardt veroorsaak dat hy nie meer as die verantwoordelike hoofseun optree soos wat hy aanvanklik was nie.	Greg verslaap die oggend toe dit sy beurt is om diens by die graad 8's te doen, maar in plaas daarvan om aan te meld, gaan hy na Eckardt se kamer om hom te gaan soek.	*Bl. 45: "Hey buddy, lekker verslaap," roep een. "Is jy nie aan diens by die graadagtes nie?" vra een van die VRL's"*
	Hy tree nie op wanneer 'n geveg in Mnr Eden se klas uitbreek terwyl die onderwyser afwesig is nie, al word dit van hom as hoofleier verwag.	Bl. 56 en 57: " 'n Stoeigeveg breek voor in die klas uit. Ek steur my nie daaraan nie, al weet ek dit gaan later voor my kop gegooi word: "Greg, jy is hoofseun en jy het dit nie gekeer nie." "
	Dok Pienaar moet Greg aanmoedig om sy leierspligte na te kom om die graad 8's oor hul gedrag aan te spreek, wat wys dat hy nie meer self verantwoordelik optree nie.	*Bl. 87: "Pouse moet ek, in opdrag van Dok, die VRL aanvat oor hulle "betreurenswaardige dissipline" ".*
	Greg versuim ook om sy kerkdiensbeurt na te kom en vra vir Kwanele om vir hom in te staan sodat hy by die koshuis kan bly en kuberkraak.	Bl. 102: " *"Sal jy vir my kerkdiensbeurt instaan?" "Why?" "Daar is iets wat ek moet doen vanoggend."*

Hoe meer Greg saam met Eckardt by die onderwêreld van kuberkrakery betrokke raak, hoe meer kom Greg se integriteit ook in gedrang wanneer hy reëls oortree wat hy veronderstel is om te handhaaf.	Wanneer Eckardt vir Greg bier in sy koshuiskamer aanbied, besluit Greg dat hy nie net veilig op die "teerpad" gaan bly nie en meld dit nie aan nie. Hy drink saam met Eckardt die bier, wat beteken sy integriteit bly in die slag.	Bl. 70: " *"Kyk sommer in die yskas. Ek dink daar is nog twee biere after die blikkies koeldrank."* Bl. 71: "*Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteur, maar ek besluit: what the hell, 4 x 4's kan mos nie altyd veilig op die teerpad bly nie, hulle moet af en toe rowwe terrein aandurf."*
	Hy gaan ná ligte-uit voort met kuberkrakery in sy kamer, nadat hy self die graad 8's oor swak dissipline aangespreek het.	Bl. 89: "*Dit was ure terug al ligte uit. So much vir my dissiplinepreek vir die VRL's."*
	As gevolg van sy kuberkrakery, presteer hy nie na wense nie en Greg vervals sy April-rapport sodat hy nie in die moeilikheid by sy pa sal kom nie.	Bl. 178: "*Ek kon dit wegsteek vir my pa met 'n vervalste April-rapport."*
Greg se fokus op kuberkrakery lei tot akademiese verval en moreel onaanvaarbare optrede.	Al ervaar hy innerlike konflik oor sy akademie, kies hy steeds om voort te gaan met kuberkrakery	Bl. 97: *"Kommer oor my skoolwerk knaag aan my gewete. Die jaar het skaars begin en ek laat slap lê. Die eerste toetsreeks is voor die deur. Die onderwysers dreig."* Bl. 98: *"Ek sal my agterent in rat moet kry. En gou ook. Maar dis makliker gesê as gedaan as die onderwêreld jou naam roep om te kom speel."* Bl. 160: "*Sien 'n spul skoolboeke op my bed lê. Ek het nog nie een van hulle oopgemaak vanaand nie. Dit vat wilskrag om daardie gedagte weg te dink."*
	Hy druip vir die eerste keer in sy lewe 'n wiskundetoets a.g.v. die feit dat hy nie aandag aan sy akademie skenk nie.	Bl. 99: *"Twee aande later crack ek Challenge 4. En drie dae later pluk ek vir die heel eerste keer in my lewe 'n wiskundetoets."*
Greg verloor toenemend respek vir gesagsfigure namate sy betrokkenheid by die onderwêreld en die soektog na Eckardt toeneem.	Wanneer Dok Pienaar die eersterugbyspan aanspreek en vra dat hulle nie vir enige iemand oor Eckardt se verdwyning vertel nie, staan Greg teen hom op, daag hom uit, sê dat dit "pateties" is en weier om te speel.	Bl. 75: *" Voor ek kan keer, spoeg ek die woorde uit: "Ek dink dis pateties!""/ "Ek kan nie glo dat julle dit nog wil ontken nie, Dok. Ek meen, face dit: Eckardt is weg, maar hy het nie weggeloop nie."*

Greg word as 'n lojale vriend geag, maar sy toenemende betrokkenheid by kuberkrakery om Eckardt op te spoor veroorsaak 'n verlies aan lojaliteit.	Greg, op sy soektog na Eckardt, kuberkraak al hoe meer en skeep sy vriende, TJ en Plank, af. Wanneer TJ vir hom kom vra om skaak te speel jok hy elke keer vir hulle oor waarmee hulle besig is. Hy maak ook nie die deur oop wanneer sy vriende klop nie omdat hy besig is om te kuberkraak.	Bl. 154: *"Jy't nie lus vir 'n bietjie skaak nie?" vra hy naderhand. "Kan ons dit nie later maak nie? Ek wil net… daar is iets waarmee ek besig is, sal net so 'n uur of wat vat, dink ek."* Bl. 123: *"Ek het geswot, TJ." "Jy het nog nooit jou deur gesluit nie."*
Greg, wat homself as eerlik en opreg beskou, begin toenemend lieg om sy betrokkenheid by kuberkrakery te regverdig en die grens tussen reg en verkeerd vervaag.	As hoofseun, sien Greg homself as die enigste een wat die raaisel omtrent Eckardt se verdwyning probeer oplos en regverdig die feit dat hy reëls breek, deur homself te oortuig dat dit gedoen word om na Eckardt soek.	
	Wanneer Greg op pad is na Eckardt se kamer om na leidrade te soek, jok hy vir Kwanele oor wat hy in die nag in die koshuisgange doen en sy eerlikheid word bevraagteken.	Bl. 93: *"Ek is op pad badka-mer toe." Hy sê niks, kyk net na my. Ek wonder of hy my storie glo.*
	Hy bly stil daaroor dat die polisie nie Eckardt se regte rekenaar het nie. Hy jok aanvanklik ook oor sy betrokkenheid by kuberkrakery en belowe homself dat hy later die waarheid sal praat.	Bl. 103 en 104: "*Eckardt se laptop het 'n Matrix-plakker in die boonste hoek, aan die buitekant. Die laptop wat ek nou help dra, se bokant is skoon… "Iets verkeerd?" vra sersant Botha. "Nee, niks nie," stotter ek."* Bl. 177: *"En jy, Greg? Het jy ook rekenaars gehack?" / "Nee," antwoord ek. "Ek stel nie juis belang in computers nie. Ek surf maar bietjie op die internet. Stuur emails. Sulke goed."*
	Hy mislei sy pa oor sy akademiese prestasie en gee valse gerusstelling, al weet hy dat hy nie die onderskeidings sal behaal wat van hom verwag word nie.	Bl. 165: " *"Onderskeidings, reg?" "Ja, Pa. Ek sê mos moenie worry nie." 'n Leuen, ek weet al die trein is aan die ontspoor wat die onderskeidings betref."*

GREG SE BLOOTSTELLING AAN DIE ONDERWÊRELD WORD DIE KEERPUNT WAT SY KEUSES BEïNVLOED.		
Greg raak só diep betrokke by die onderwêreld van kuberkrakery dat hy doelbewus die skool se instruksie ignoreer om Eckardt se verdwyning geheim te hou.	Hy stuur 'n anonieme e-pos aan sy pa se koerant om die media van Eckardt se verdwyning bewus te maak, wat dui op 'n verskuiwing van gehoorsaamheid na selfregverdiging.	Bl. 77: "*Die skool wil nie hê ons moet ons ouers vertel nie. Maar hulle het niks gesê van die media nie. En ek het mos contacts in die pers."*
Greg word sterk deur Eckardt beïnvloed en stem in om saam met hom by die skool se netwerkkamer in te breek.	Eckardt oortuig vir Greg om saam met hom by die skool se netwerkkamer in te breek, iets wat hy as hoofseun nooit vantevore sou doen nie. Tydens hierdie besoek, gee Eckardt vir Greg die geleentheid om sy wiskundepunt op die sisteem te verander, maar hy besluit daarteen – 'n bewys dat daar nog "goed" in hom is.	Bl. 111: "*Hierdie plek is way off limits. Is dit dan nie waar die skool se servers en goed in is nie? Dis in elk geval gesluit."* Bl. 113: "*Ek het lus om sy hand weg te stamp van die laptop en die punt te verander. Wie sal weet? Dit sal my 'n hengse spul verduidelikings spaar later."*
Greg se toenemende betrokkenheid by kuberkrakery gee vir hom die gevoel wat hy saam met sy broer, John, ervaar het wanneer hulle ekstreme sport gedoen het en hy kies om dit aanhoudend na te jaag.	Hy pas social engineering op Joan toe om 'n RAT-program op Dok Pienaar se rekenaar te installeer, ten spyte daarvan dat hy bewus is van die risiko's en onwettigheid daarvan. Greg gaan voort om op Dok Pienaar se rekenaar rond te krap, ondanks die gevaar om uitgevang te word. Sy keuses word al hoe minder deur verantwoordelikheid en al hoe meer deur spanning en emosie gedryf. Selfs wanneer Eckardt vir Greg sê dat kuberkrakery onwettig is, maak hy die besluit om nog steeds saam met Eckardt te kuberkraak omdat dit hom laat voel asof hy vir die eerste keer weer lewe na John se dood. Selfs direkte waarskuwings weerhou Greg nie daarvan om voort te gaan met kuberkrakery nie. Hy besluit hy om die dokumente van Project Nursery Rhyme op die skool se rekenaars oop te maak en uit te druk, maar word deur Sersant Botha uitgevang.	Bl. 142: "*My hande begin skielik te sweet – ek weet nie hoekom nie.* *Ek weet mos wat voorlê.* *Ek haal 'n paar keer diep asem"* Bl. 160: "*Ek kyk hoe die muis oor die skerm beweeg. My lyf is lam geskrik. Ek hoop nie Dok het gesien ek het op die rekenaar gewerk nie."* Bl. 182: *"Jip, dis onwettig."* *Eckardt se woorde maak die beklemming erger."* Bl. 193: "*Tawwe tye tussen my ander skoolverpligtinge. Maar vir die eerste keer sedert John se dood voel ek weer asof ek regtig lewe.* *En ek voel nie skuldig daaroor nie."* Bl. 194: *"Ek sien ek was toe reg, sê die man voor die rekenaar."Selfs al het jy nie meer jou laptop nie, sou jy steeds aangaan met jou hacking."*

GREG SE BLOOTSTELLING AAN DIE ONDERWÊRELD WORD DIE KEERPUNT WAT SY IDENTITEIT BEïNVLOED.		
Greg se toenemende betrokkenheid by kuberkrakery lei tot twyfel, by ander én by homself, oor sy rol as leier.	Wanneer Greg teen Dok Pienaar opstaan, volg geen van die ander leerders hom nie, wat onsekerheid by Greg skep oor sy invloed en gesag as hoofseun. Sy besluit om nie rugby te speel nie en hom teen die skool se verwagtinge te verset veroorsaak dat ander leerders hom nie meer respekteer nie en hom selfs as 'n "loser" bestempel.	Bl. 76: "*Nie een van die ander ouens het saam met my gestaan teen Dok nie. Is ek dan hulle leier? If you think you're a leader but nobody is following you, you're merely going for a walk."* Bl. 85: " *"Loser," kap een sag."*
Greg se blootstelling aan die onderwêreld van geldmag en korrupsie laat hom besef dat hy nie so onaantasbaar is as wat hy gedink het nie.	Hy besef dat hy onwetend sy pa se onwettige betrokkenheid by Project Nursery Rhyme ontbloot het en dat sy optrede moontlik sy pa in die steek gelaat het. Hy besef dat hy toe nie so *bullet-proof* is soos wat hy al die jare gedink het nie: Die werklikhede van korrupsie en geldmag vernietig Greg se idealistiese siening van sy gesin, dat geld die faktor is wat sy familie uiteindelik uitmekaar gaan skeur en dat die gesinswerklikheid wat hy geglo het bestaan, op leuens berus.	Bl. 220: "*En demmit, ek wil nie, maar ek voel hoe ek begin hartseer word. Ek wil vloek. Maar ek wil ook sê ek is jammer."* Bl. 225: " *"Ek is toe nie so bullet-proof soos ek gedink het nie," sê hy sag."*
Die ontbloting van Project Nursery Rhyme lei tot 'n belangrike emosionele keerpunt in Greg se lewe.	Vir die eerste keer kry Greg die ruimte om werklik oor die dood van sy broer, John, te treur – iets wat sy pa hom voorheen verbied het – wat dui op emosionele groei en selfinsig.	Bl. 225: "*Nou eers kan hy huil. Vir sy pa, en ook vir John."*
Kandidaat bied gepaste slot aan.		
		[25]

VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
7.1	Eerstepersoonsverteller √/ Ek - verteller **EN** Die leser ervaar Greg se angs oor die feit dat sy skoolwerk agter is./ Die leser is duidelik bewus van Greg se vrees vir sy pa/Dok Pienaar./ Greg se innerlike konflik oor sy skoolwerk wat nie op standard is nie, is vir die leser duidelik. √ *Kandidaat moet spesifiek na die konteks verwys.* *Waak teen generiese antwoorde.*	1 1
7.2.1	Onderwêreld van die kuberkraker. √	1
7.2.2	Greg begin om sy skoolwerk af te skeep wat daartoe lei dat hy ander pligte afskeep; dus verloor die leerders hul respek vir hom en noem hom selfs 'n "loser". √ Die feit dat hy sy skoolwerk afskeep, veroorsaak dat selfs die polisie hom nie meer glo nie omdat hy nie die punte behaal wat hy moet behaal nie. √	1 1
7.3	"**Donderstorm":** Verwys na die donker/onwettige aksies van Dok Pienaar en Mnr Owen. / Verwys na die donker, onwettige onderwêreld van misdaad en korrupsie. √ **"Son":** Verwys na Greg wat (onwetend) hierdie onwettighede/voëlgriepvirus ontbloot en sodoende miljoene mense se lewens red./ Verwys na die lig wat Greg op hierdie onwettighede skyn. √ **EN** Die lammervanger wat die lug sirkel en na 'n karkas soek, voorspel die slot deurdat Eckardt ten einde sy wraakplan ontbloot./ ontbloot dat hy vir maande lank vir Greg voorberei het om toe te slaan en wraak te neem vir sy pa se betrokkenheid by die regter se verdwyning. /dit daarop dui dat die polisie al nader daaraan kom om sy pa en Dok Pienaar se betrokkenheid by *Project Nursery Rhyme* te ontbloot. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.* **EN** Die "reën" dui op die proses waardeur Greg moes gaan/stropingsproses om te ontwikkel vanaf 'n seun wat dink dat niks hom kan seermaak nie/koeëlvas is, tot 'n jong man wat besef dat hy weerloos teen die lewe se aanslae is. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan wat aandui hoe hy was en hoe hy aan die einde van die roman is.*	1 1 1 1
7.4	Nicole is wulps. /verleidelik. /'n flirt. /gebruik haar seksualiteit. √ **EN** Sy dra daartoe by om Greg se onvermoë om vir haar te sê dat hy haar liefhet, te ontbloot./ Sy ondersteun die idee dat Greg onseker is of sy getrou aan hom bly./ Sy beïnvloed hom om verkeerde keuses te maak bv. om dwelms in 'n klub te gebruik./ Sy verlei hom om intiem te wees. √ **EN** Plank. / Candy. / Clarissa. √	1 1 1

7.5	Later in die roman is Greg negatief teenoor rugbyoefening en gee voor dat hy 'n besering het omdat hy eerder wil kuberkraak/na Eckardt soek, maar hier is hy haastig om by rugbyoefening uit te kom (omdat Eckardt nog nie verdwyn het nie.) √	1
7.6	Innerlike konflik. √ **EN** Greg wil nie/mag nie oor sy oorlede broer huil/treur nie, maar in hierdie ruimte word hy gedwing om die herinneringe van sy broer te konfronteer en daarom maak dit hom hartseer. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan wat albei kante van die konflik duidelik stel.* **EN** Sy huis in Sandhurst. √	1 1 1
7.7	'n Mens sou verwag dat Greg baie bewus van hierdie museum sal wees omdat daar so baie herinneringe van sy oorlede broer daarin uitgestal is, maar hy sê dat hy die gebou nie eers meer sien nie/nie eers oplet dat dit daar is nie. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan wat BEIDE kante van die ironie aanraak.*	1
7.8	Sy oë is donker omdat hy hier met 'n plan werk om vir Greg te manipuleer./ die ervaring van die museum wil gebruik om op Greg se gevoel te speel./ reeds weet wat hulle in die museum gaan aantref en dit eintlik deel van sy wraakplan is./ dit onheilspellend is en 'n leidraad vir die leser is dat hy nie vertrou moet word nie. √ **EN** By die tonnelritueel sien Greg dieselfde kyk wat in John se oë was, in Eckardt se oë wanneer hy in die mangat afsak en keer hom sodat hy nie die ritueel hoef te voltooi nie. √	1 1
7.9	Klimaks √ **EN** A-/chronologiese tydsverloop √ **EN** Hierdie ruimte herinner vir Greg aan die *extreme sports* wat hy en sy broer saam gedoen het en gee vir Eckardt vastrapplek om verdere woede in Greg oor sy dood na vore te bring./ Dit versterk die haat wat Greg vir sy pa het oor die druk wat hy op John geplaas het. √	1 1 1
7.10	Eckardt se weerkaatsing in TEKS A word aan 'n positiewe gevoel/gevoel van troos gekoppel, terwyl sy weerkaatsing in die daaropvolgende hoofstuk haat/wraak/ontbloting van sy wraakplan inhou. √	1
7.11	Mnr. Owen dra tot Greg se ma se ongelukkigheid by deurdat hy haar alleen in die huis sonder enige geselskap los./ Hy praat nie met haar (oor John se dood nie)./ Laat haar nie toe om oor haar seun te rou nie./ Deel nie sy gevoelens met haar nie. √ Mnr. Owen het tot John se ongelukkigheid bygedra deurdat hy verskriklike druk op hom geplaas het om die beste te wees en presteer in alles wat hy gedoen het bv. hoofseun en sportheld. √	1 1
		[25]

VRAAG 8 OPSTELVRAAG

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

KODES:
W – Woorde
D – Dade

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Ouma Essie funksioneer konsekwent as 'n Christelike leiersfiguur op Manaka. Haar praktiese uitlewing van geloof dien as voorbeeld vir almal, insluitend Baas.	Sy beklee die rol van matriarg binne die Mulambwa-familie en geniet wye aansien in Barotseland. / Ná die afsterwe van haar man, die vorige geestelike leier, word sy as die geestelike gesag op Manaka erken. / Die Lozi verwys na haar as die "Profeet van die Bybel". / Ten spyte van haar toewyding het die sendingideaal op Manaka nie bly voortbestaan nie, wat bydra tot Baas se aanvanklike afkeer van godsdiens.	*Bl. 100: "Die naam Mulambwa loop vir baie geslagte al saam met die naam Lewanika, wat die naam van die koningshuis is. Die betekenis van die naam Mulambwa is 'vriend'." Bl. 43: "My ouma Essie is die een wat die mense die Profeet van die Bybel noem." Bl. 70: "Ek is die vrou van muluti Joseph, die man wat dood is."*
	As sogenaamde Profeet van die Bybel tree sy as geestelike versorger van die gemeenskap op en ontferm sy haar ook oor Baas, ondanks sy aanvanklike afstand en aggressiewe houding.	*Bl. 70: "En die skape wat die Here my gegee het om op te pas." Bl. 43: "Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie."*
Ouma Essie se uitsprake beïnvloed Baas se uiteindelike besef dat hy 'n geestelike rol moet vervul.	As geestelike leier stel sy dit duidelik dat sy Baas as 'n Christen beskou en spreek sy dit openlik uit. / Grace verwys na hierdie siening van ouma Essie, wat Baas se weerstand en ontkenning van sy geloof versterk.	*Bl. 91: "Ek wil graag vir meneer Baas werk. Hy gee vir baie mense pille as hulle siek is. Hy gee ook kos vir die mense wat honger is. Hy is 'n goeie man." Grace sit haar hand oor Baas se mond voor sy verder tolk: "Hy is 'n Christen." Bl. 91: Die laaste keer toe iemand jou 'n Christen genoem het, het jy baie lelik gepraat."*

	Haar vaste oortuiging dat Baas deur God geroep is om die mense van Manaka te dien, wek aanvanklik teenkanting, maar sy optrede–soos wanneer hy medikasie vir Grace gaan haal–toon reeds 'n begin van navolging van haar voorbeeld.	*Bl. 43: "Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie." Bl. 118: Sy kyk reguit na Baas. "En wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie."*
	Verder stel sy dat God deur drome werk en dat Baas se plan om 'n bootdiens te begin deel is van God se bedoeling om hom na Manaka te bring, wat hom herinner aan 'n groter roeping.	*Bl. 203: Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle gee om te droom, het sy daardie dag gesê. Bl. 118:"Ek maak nie die Here nie. Die Here maak my ... Dit is wat die Here sê."*
	Sy raai hom ook aan om met Whitey oor sy oupagrootjie te praat, aangesien hierdie kennis vir hom duidelikheid oor sy plek en toekoms op Manaka kan bring.	*Bl. 123: "Meneer Whitey is iemand wat miskien ook iets weet van die man wat Manaka begin het," sê sy ... Bl. 178: "Hy was nogal 'n groot ou Christen ook, weet jy." Bl. 178: "Ja, hy was 'n doperige ou Christen."*
Ouma Essie se sterk geloofsoortuiging wat uit haar woorde blyk, lei tot innerlike konflik by Baas.	Sy verwys onwetend na sy oupagrootjie as voormalige versorger van Manaka en impliseer dat Baas dieselfde rol behoort te vervul–'n idee wat hy aanvanklik verwerp.	*Bv. bl. 117-118: "Die man wat die Here uitverkies en gestuur het om die saadjie vir Hom te kom plant, was 'n jagter ... baie jare na die buffeljagter verdwyn het, toe versorg die Here nog altyd sy plantjie. En hoekom sal die Here nou sy hand wegvat net oor iets wat tussen mense gebeur?" Bl. 118: Sy kyk reguit na Baas. "En wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie."*
	Haar erkenning dat sy self geloofstwyfel beleef het en selfs haar Bybel weggegooi het, laat Baas besef dat twyfel deel van geloof kan wees. / Hierdie ervaring beklemtoon terselfdertyd haar vertroue in God se redding, aangesien sy glo dat Hy haar van verdrinking gered het. / Dit dien ook om Baas gerus te stel dat sy eie onsekerheid hom nie van God vervreem nie.	*Bl. 163: "Maar toe ek van my huis hier by Manaka weggevat word, en van my kerk af ... Toe het ek, toe ek al 'n ou vrou was, my Bybel in die rivier gegooi ..." Bl. 163: "Ek het ingespring en die Bybel gaan uithaal ... Ek dink die Bybel het my gehelp om te dryf want ek kan nie swem nie."*

Kopiereg voorbehou

	Sy dwing hom indirek om sy eie geloof te konfronteer wanneer hy erken dat hy wel Bybels besit, maar steeds sonder antwoorde is.	*Bl. 202: "Ek wil weet of jy in hierdie Boek glo, jongman. Dit help nie ons staan daaroor en praat as jy nie glo wat hierin staan nie. Het jy 'n Bybel?" "Ek het meer as een Bybel, ouma Essie. Ek het twee. Dit wil nie sê ek het die antwoorde nie."*
	Deur hom opdrag te gee om gedeeltes in Romeine te lees, moedig sy selfondersoek aan en bring sy hom tot nadenke oor sy geloofsoortuigings	*Bl. 203: "Dis nie ons wat jou pla nie ... Dit is die Here, jongman," sê sy. Bl. 202: "Nou vat al twee saam en gaan lees Romeine 10 vers 20." Bl. 207: "Wat weet jy van Jesus?" vra Baas.*
	Sy lei hom ook om oor sy rol op Manaka te reflekteer deur te vra of hy nie dieselfde bydrae as die vorige Chipman behoort te lewer nie.	*Bl. 234: Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie? het ouma Essie gesê. Is dit dalk ook die familiekwaal ...*
	Hierdie aanmoediging tot Bybellees wek 'n begeerte na groter insig by Baas en laat hom besin oor sy geloof.	*Bl. 210: Hoekom het hy nooit gewonder of hy die Bybel glo, tot ouma Essie dit vir hom gevra het nie?*
	Haar woorde oor sy roeping en die Bybel bly by hom en word veral betekenisvol wanneer hy by die afgebrande kerk staan, waar dit aansluit by Whitey se verwysing na hul familie se neiging om ander onselfsugtig te help.	*Bl. 234: Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie? het ouma Essie gesê. Bl. 234: Is dit dalk ook hoe die familiekwaal werk waarvan Whitey gepraat het? Bl.191: "Omgee is 'n familiekwaal."*
Ouma Essie se optrede toon haar geloof in aksie, wat 'n direkte invloed op Baas uitoefen.	Sy gee vir Baas Muluti Joseph se lyfband wanneer sy sien sy klere pas nie, wat simbolies dui op haar geloof dat hy die volgende geestelike leier kan word. / Hierdie handeling help hom om geleidelik in dié rol in te groei en die simboliek daarvan te verstaan.	*Bl. 121: "Dit is my muluti Joseph se lyfband. 'n Sterk man moet 'n sterk lyfband dra." Hulle is lank stil. Die lyfband pas.*
	Sy spreek onreg aan deur die ngambela (meneer Kebbey) tereg te wys, ten spyte daarvan dat sy 'n vrou is, en demonstreer só die belangrikheid van morele standvastigheid. / Sy huiwer ook nie om die khuta oor hul optrede aan te spreek nie.	*Bl. 47: "Jy ken mos niks anders as om mense te verneuk nie." Bl. 166: "Waar is daardie huis en daardie kerk wat ek en my muluti Joseph vir ons en vir die Here gebou het nou?" Bl. 167: " ... dan is dit tyd dat die mense van hierdie hele stam vra hoekom dié vergadering van hierdie khuta nie meer met 'n gebed oopgemaak word soos dit al die jare was ..."*

	Haar hantering van die sendelinge en die verwoeste kerk leer Baas verdraagsaamheid en samewerking. / Waar hy hulle aanvanklik wou wegstuur, neem hy later deel aan die herstel van die sendingkerk. Deur vir hom 'n hondjie te gee ter vervanging van Brindle, beklemtoon sy die beginsel van sorg vir mekaar. / Dit impliseer ook dat sy sy toekomstige rol as leier reeds aanvaar.	*Bl. 183: Baas en Nanna staan langs mekaar op hulle knieë om die dekgras oor die kerk se nat vloer te versprei. Hulle slaan die tent op en hy help haar die bed indra.* *Bv. bl. 239: "Dit is 'n hond wat ouma Essie gister al vir jou gestuur het," sê Grace.*
Ouma Essie se voorbeeld en optrede lei daartoe dat Baas homself vind, sy geloof herontdek en sy roeping op Manaka aanvaar.	Haar aanmoediging om Romeine te lees, tesame met inskripsies in sy ma se Bybel, bring vir hom innerlike sekerheid en gemoedsrus, en hy begin gereeld daaruit lees. Wanneer hy later die lyfband teruggee, dui dit daarop dat hy volkome in sy rol as geestelike leier gevestig is en die verantwoordelikheid vir Manaka aanvaar. / Hy stel haar op haar siekbed gerus dat die toekoms van Manaka veilig is. Hy bid vervolgens vir die eerste keer in jare openlik, soos wat sy dit gedoen het. Hy stel voor dat die kerk herbou word sodat dit weer tot diens van die gemeenskap kan wees. Saam met Grace herstel hy die bankies onder die worsboom, wat simboliseer dat die Woord op Manaka sal voortleef en dat hy 'n belangrike rol daarin sal speel, soos in die tyd van sy voorouers.	*Bl. 240: ... vroegoggend onder die worsboom langs die water waar Baas in sy ma se Bybel sit en lees.* *Bl. 243: Hy haal muluti Joseph se lyfband af en sit dit onder haar verrimpelde hand op haar bors. "Dankie ouma Essie," sê hy. "Ek het dit nie meer nodig nie."* *Bl. 243: "Dankie, Here. Amen," sê Baas.* *Bl. 244: "Die deure en vensters vir die kerk en huis het gekom," sê Baas.* *Bl. 112: "As daar óóit bankies onder daardie worsboom gebou word, sal ék dit bou." Bl. 118: "Tot daar weer 'n kerkgebou is, sal hierdie boom die kerk wees."* *Bl. 244 tot 245: Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjies onder die worsboom vas.*
Kandidaat bied gepaste slot aan.		
		[25]

VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG – *Manaka Plek van die Horings* – Pieter Pieterse

Vraag	Antwoord	Punt
9.1	Die uittreksel verskaf noodsaaklike agtergrondinligting oor gebeure vóór Baas se aankoms op Manaka. / Dit vorm deel van die Vooraf-afdeling. √	1
9.2	'n Betrekking as toergids. √ Hierdie werk stel Baas bloot aan Barotseland/die Zambezirivier en dra daartoe by dat hy hom uiteindelik op Manaka vestig, waar hy sy roeping as geestelike leier aanvaar.√ Baas besef dat hy 'n plek het waar hy hoort / dat hy as sendeling 'n rol kan vervul. / Hy kom tot die besef dat hy nie langer sy verantwoordelikheid as geestelike leier kan ontken nie. / Baas besef dat 'n mens se innerlike identiteit bepaal wie en wat hy is. √√ *Die kandidaat bied enige TWEE insigte waartoe Baas aan die einde van die roman kom vir EEN punt elk aan.*	1 1 2
9.3	Baas se oupagrootjie. √ **EN** Sy neef gee vir hom sy eerste hond. / Sy neef voorsien hom van 'n boek oor die Zambezi. √	1 1
9.4	Hy is soekend/hartseer/verlangend. √	1
9.5	Die droom van die kettinkie met die kruis verteenwoordig die sentrale tema van die roman, naamlik Christenskap. √ Die kruis wat sy ma gedra het, oefen 'n invloed op sy lewe uit, aangesien sy innerlike worsteling met geloof en die uiteindelike aanvaarding daarvan daartoe lei dat hy 'n geestelike leier op Manaka word. √	1 1
9.6	Daar het Baas selfstandigheid aangeleer. / Hy het daar die waarde van harde werk besef. / Dit is die plek waar sy drome begin vorm aanneem het. / Die omgewing het sy verbondenheid met sy oupagrootjie versterk. √√√ *Kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	3
9.7	Dit impliseer dat hulle wedersydse respek vir mekaar het √ en dat hulle in ooreenstemming met mekaar is. √	2
9.8	Baas is onwillig om die rol van geestelike leier op Manaka te aanvaar, maar ervaar dat daar 'n verwagting op hom rus om in die voetspore van vorige sendelinge te tree. √ *Die kandidaat moet na albei kante van die konflik verwys.* Ja. Ouma Essie speel 'n rol in Baas se aanvaarding van sy geloof, aangesien hy haar uitvra oor wat 'n Christen definieer. √ Uiteindelik aanvaar Baas sy roeping as geestelike leier op Manaka. / volg hy sy oupagrootjie se voorbeeld. Sodoende vind hy rus en kom sy swerwersbestaan tot 'n einde. √	1 1 1
9.9	Toestemming wat deur 'n owerheid verleen word om prospekteerwerk te doen / 'n gebied vir ontginning te gebruik. √	1
9.10	Hy verlaat indoena Daaimon se gehuggie terwyl hy hande klap. √	1

9.11	Nee. Hulle verhuur ook grond aan sendelinge / verbreek hul ooreenkoms met Baas. √ Meneer Kebbey is betrokke by onwettige diamantbedrywighede. / betaal nie vir vleis nie. / probeer Baas oorreed om 'n vennootskap in sy pontbesigheid aan te gaan. √ *Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*	 1 1
9.12	Derdepersoonsverteller √ Hierdie verteller maak dit vir die leser duidelik dat Baas uiteindelik grond op Manaka verkry. √ Indien 'n eerstepersoonsverteller gebruik is, sou die karakter se persoonlike emosies, soos blydskap of tevredenheid oor die verkryging van die grond, meer direk oorgedra kon word. √	1 1 1
		[25]

VRAAG 10: OPSTELVRAAG

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

KODES:
B – Boere
E – Engelse
V – Vatmaar-gemeenskap

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	**ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog spruit voort uit Brittanje se poging om beheer oor die Boererepublieke te verkry.	Die Engelse word aangetrek deur die waardevolle goud- en mineraalbronne waaroor die Boererepublieke beskik.	*Bl. 14: South Africa is now part of the British Empire.*
Die Engelse ontneem die Griekwas van hulle eie kulturele identiteit en geloofsoortuigings.	Hulle stel die Griekwas bloot aan Westerse gebruike en bekeer hulle tot die Christelike geloof.	*Bl. 93: Om ons onse God te laat los ... Hierdie Engelsman-ne het ons geleer om ons toe te maak ... Dis net dat ons verloor en hulle gewen het.*
Ta Vuurmaak beweer dat die Engelse die Griekwas indirek leer steel deur self die voorbeeld te stel.	Nadat hierdie gedrag gevestig is, stel die Engelse wetstoepassing en strafmaatreëls in om diegene wat steel, te beheer.	*Bl. 93: ... het hulle ons geleer ons mag nie steel nie – na hul ons eers van steel geleer het.*
Ta Vuurmaak neem 'n trein se watertenk wat deur die Boere beskadig is.	Hy benut die tenk as skuiling, aangesien items wat gevind of geneem word, as "vatmaar-goed" beskou word.	*Bl. 10: Dit sal nooit meer water hou nie, sê hy toe. So vat vier osse en trekgoed en gaan haal dit vir jou want dit sal 'n baie lekker slaapplek uitmaak.*
Oom Chai en Corporal Lewis neem besittings uit Boerehuise wat eintlik vernietig moes word.	Hulle regverdig dit deur te redeneer dat die items andersins verlore sou gaan en nuttig in hulle armoedige omstandighede aangewend kan word. Hulle sien die boumateriaal uit die huise as iets wat reeds deur soldate geneem behoort te wees, en beskou dit dus as vrylik beskikbaar.	*Bl. 7: En voor die wa vertrek het, moes ons, die boys, die plaashuis aan die brand steek.* *Bl. 21: Toe het hulle hulle se goed gevat na wat hulle hulle se erwe genoem het.* *Bl. 9: Hulle moes my help om die sinkplate van die dakke af te haal en om die beste hout, vensters en deure uit te breek en die beste huisraad, potte en panne ... Chai het gesê dis vatmaar-goed.*

Die inwoners van Vatmaar neem ook mekaar se besittings sonder om dit as problematies te beskou.	Tommy Lewis buit Nellie se naïewe bewondering uit en ontneem haar van haar onskuld sonder om aanspreeklikheid te aanvaar.	*Bl. 116: Dan, na hy sy vier kere gehad het, soos hy dit noem, het hy 'n ander mens geword. Nou kan ek sien watter aap ek was en hoe dom.* *Bl. 117: Now try and fix Lucas up with something ... Then you can say that he did it to you.*
	Na die afsterwe van Sannah Vosloo keer Tant Wonnie terug en ontdek dat haar buitekamer geplunder is en al haar besittings sonder respek geneem is.	*Bl. 136: Toe hulle by die kamer kom, staan die deur oop. Alles wat binne was, was geplunder.*
	Selfs die predikant, Reverend Cobb, maak hom skuldig hieraan deur oom Hendruk se afwesigheid te benut en sy Sondagklere, sakhorlosie en fiets te gebruik.	*Bl. 177: Na 'n rukkie het Reverend Cobb Oom Hendruk se Sondagpak gedra, wat hy eers by die kleremaker laat verstel het. ... Eerwaarde Cobb het nou 'n bicycle gehad om huisbesoek mee te doen ...*
	Johnny September verkoop sy vrou Settie se ring sonder haar toestemming.	*Bl. 188: En waar is die geld waarvoor jy daai trouring verkoop het wat jy sê jy opgetel het?* *Bl. 188: So hý is die dief wat die trouring gesteel en verkoop het. En sy vrou dink hy sal nooit so iets doen nie.*
	Die Septembers neem Tant Wonnie se gemmerbier onder die voorwendsel dat hulle net 'n bietjie wil hê, maar gebruik dit alles.	*Bl. 189: Sy het die bottel half-leeg gedrink en dit toe vir hom gegee. Hy het die res in sy keel afgegooi en een groot sluk gevat, net soos 'n gesou-te suiplap ... Die twee het gelag.*
	Na oom Chai se dood neem Boitjie al sy en Bettie se besittings, bewus daarvan dat daar baie is.	*Bl. 282: Boitjie Afrika het ge-weet wat Oom Chai vir Bettie nagelaat het. Hy het gereeld kraal toe gegaan ... Hy het met sy gat in die botter geval.*
	Na Kaaitjie en Tant Wonnie se dood neem Suzan Kaaitjie se kind, terwyl Kenneth weer vir Suzan inneem om na haar om te sien.	*Bl. 317: Hoe stywer hy haar vashou, hoe meer voel dit vir hom hy hou vir Kaaitjie vas.* *Bl. 319: Suzan het ingestem dat ek die domanie vra om ons troue aan te kondig ...*

Kopiereg voorbehou

Die mense van Vatmaar neem ook onregmatig besittings van wit mense om in hulle behoeftes te voorsien.	Siesie Lena, Sus Bet, Oom Flip en Janman steel diamante by die delwery en verkoop dit later vir 'n groot bedrag. Bennie O'Grady steel ander mense se skape om sy behoefte aan vleis te bevredig.	*Bl. 62: Oom Flip ook nie en hy het nie geweet wat die twee klippe in sy binnesak werd was nie.* *Bl. 78: Eight hundred pounds! sê hy.* *Bl. 167: Bennie kon vleis nie weerstaan nie ... Op 'n reën-dag het hy weer 'n skaap uit 'n boer se kraal gesteel.*
Vir die inwoners van Vatmaar word die neem van ander se besittings nie as diefstal beskou nie.	Binne hulle kulturele raamwerk word goedere gedeel of tydelik gebruik sonder die idee van permanente besit.	*Bl. 3: Vatmaar se kinders het nooit van die Agste Gebod geweet nie, die een van Jy mag nie steel nie.* *Bl. 93: ... het hulle ons geleer ons mag nie steel nie – na hul ons eers van steel geleer het.*
Kandidaat bied gepaste slot aan.		
		[25]

VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG – *Vatmaar* – AHM Scholtz

Vraag	Antwoord	Punt
11.1	Reverend Cobb wou (oom Hendruk se diamant in die hande kry sodat hy) die diamant self skelm gaan verkoop. √	1
11.2	Hy was eerlik./wou die diamant eerlik verkoop./is deur die Reverend mislei. √ 'n Mens sou verwag dat hy bevry sou word omdat hy die waarheid vertel het, maar dit het hom eintlik net in die tronk laat beland. √ *Kandidaat moet albei kante van die ironie vir een punt aanbied.* Onregverdige lyding. √	1 1 1
11.3	Armoede in Vatmaar lei daartoe dat selfs die Reverend steel./die diamant van oom Hendruk wil steel./oom Hendruk se fiets en klere na sy vonnisoplegging steel. √ **EN** Armoede laat die Vatmaar-gemeenskap glo dat dit reg is dat hulle net kan vat./teen Oom Hendruk draai omdat hy moontlik ryk kan word as hy die diamant verkoop./omdat hy op 'n eerlike manier probeer om die diamant te verkoop. √ *Die kandidaat moet na Reverend Cobb EN die Vatmaar-gemeenskap verwys vir een punt elk.*	1 1
11.4	veroordeling/valsheid/afguns √√ *Kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde aan.* Tant Wonnie/Kenneth/Ma Khumalo/Ta Vuurmaak/Sus Bet/Suzan/Kaaitjie/Wingrove. √√ *Kandidaat bied TWEE karakters vir een punt elk aan.*	2 2
11.5	Nee. Hy was eerlik./ Daar was geen regverdige verhoor nie./ Daar is teen hom gediskrimineer (as gevolg van kleur). √√ *Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* *Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*	2
11.6	Eerwaarde Cobb het Oom Hendruk se pak klere laat verstel en gedra. √ Eerwaarde Cobb het Oom Hendruk se horlosie gedra. √ Eerwaarde Cobb het Oom Hendruk se fiets gebruik. √	3
11.7	Een van die inwoners van Vatmaar. √ **EN** Die verteller verhoog die geloofwaardigheid van die gebeure. √	1 1
11.8	Ma Khumalo √	1

11.9	Hy mag nie steel nie. √ Hy mag nie lieg nie. √ **EN** Nee. In Vatmaar mag jy steel/vat wat jy kan gebruik./word daar baie gelieg. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.* *Kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*	2 1
11.10	Terwyl Norman geleef het, het tant Wonnie gedink sy het nie 'n man nodig nie, maar na sy dood besef sy dat sy hom liefgehad het./het sy haar oë uitgehuil./was sy spyt dat sy nie vroeër besef het dat sy hom liefgehad het nie. √ *Kandidaat bied albei kante van die konflik vir een punt aan.* Ja/Nee. Hy is dood. √	1 1
11.11	Liefde sonder grense. √	1
11.12	Nee. Daar was ook diegene soos Ma Khumalo (TEKS F) met 'n omgeehart./wat mense nie veroordeel het nie./gehelp het. √ *Kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.*	1
		[25]

VRAAG 12: OPSTELVRAAG

***Die kwart-voor-sewe-lelie* – Eleanor Baker**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:
- Dit is 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

KODES:
A - Anders

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
Iris glo dat sy van haar geboorte af nooit werklik êrens behoort het nie en dat sy behandel is asof sy onbelangrik is of niks verstaan nie.	Sy stel dit duidelik dat niemand ooit werklik aandag aan haar gegee het nie.	*Bl. 9: "Niemand het nog ooit na my geluister nie."* *Bl. 34: "Ek het nie geweet waarvan ek praat nie. Van ek die dag gebore is, was dit so."*
	Sy beweer dat selfs die dokter haar geboorte vinnig afgehandel en vertrek het.	*Bl. 9: "Met my geboorte, toe ek my eerste skree gegee het om my bestaan aan te kondig, was die dokter reeds buite in die gang ..."*
	Haar ma erken dat haar prioriteit was om so gou moontlik te rus.	*Bl. 9: "Miskien het my ma my skree gehoor alhoewel sy later vertel het sy was gedaan en het op die plek aan die slaap geraak toe ek uit was" ...*
	Later verneem Iris dat haar geboorte nie beplan was nie.	*Bl. 26: "Dis vernietigend om te hoor jy was 'n glips terwyl jy midde-in jou eksistensiële krisis is ... " 'n Glips?" het ek gefluister. " 'n Fout? Ek was nooit veronderstel om te leef nie?" "*
	Haar pa was nie teenwoordig tydens haar geboorte nie en het eers later oppervlakkig kom inloer.	*Bl. 9: "Pa was nie by nie ... Pa het sy telefoonnommer by die ontvangsdame gelaat en kantoor toe gery."*
	Selfs haar ma se vriendin, wat as kraamsuster opgetree het, was nie entoesiasties oor haar geboorte nie.	*Bl. 9: "Nog 'n dogter, ..."*
	Ook haar susters het min belangstelling in haar aankoms getoon.	*Bl. 9: " Hulle was nie beïndruk nie en het eintlik net gekom om Ma te sien en hulle leeslesse hardop vir haar te lees ..."*

Iris se ongewone gesinsopset dra by tot haar gevoel dat sy nie inpas nie.	Haar pa tree teruggetrokke en onsosiaal op.	*Bl. 34: Pa het selde sinne van meer as vier woorde gebruik ... Omdat hy self nie veel gepraat het nie, het hy nooit leer luister nie en toe hy boonop trou met 'n vrou wat haar sinne onvoltooid in die lug laat hang, was ons lot verseël.*
	Haar ma leef dikwels in haar eie verbeeldingswêreld en raak vervreemd van die werklikheid.	*Bl. 34: ... maar haar vertelling het weggewaai, verlore geraak in die volgende opmerking. Haar gedagtes, soos los dry-wende wolkies, was klaar weg, ...*
	Haar susters worstel elk met hul eie identiteitskwessies: Kara probeer ontsnap, terwyl Elsa daarop ingestel is om beheer te handhaaf.	*Bl. 35: Geen wonder dat Kara ontvlugting gesoek het in haar Middeleeuse kuns, Elsa in die hiperpraktiese en ek in my fantasieë nie.*
Van kleins af sien Iris haarself as beter as haar gesin, wat verder bevestig dat sy nie by hulle hoort nie.	Sy beskou haar familie as minder intelligent en glo dat net sy insig het, byvoorbeeld oor die betekenis van haar naam.	*Bl. 10: ... maar in my diepsinnige puberteit het ek geswyg en my gesit en verwonder oor hulle domheid ... en in daardie stadium het ek myself nie slegs as diepsinnig beskou nie, maar as ook besonder skerpsinnig.*
	Die feit dat haar susters se name nie in die woordeboek voorkom nie, versterk haar gevoel van meerderwaardigheid.	*Bl. 11: Ek het meerderwaardig gevoel ...*
	Sy is selfs oortuig dat sy slimmer as haar ma is.	*Bl. 12: Ek het gesug. Ek en my susters moes versigtig grootmaak aan ons ma.*
Op skool staan dit uit dat Iris nie soos ander kinders is nie en nie werklik inpas nie.	In plaas daarvan om op haar werk te fokus, raak sy vasgevang in die betekenis van haar naam in die woordeboek.	*Bl. 11: "Ipso facto, Iris!" het die onderwyser gebulder.*
Iris ervaar dat haar stem binne die gesin geen gewig dra nie.	Haar ma toon min belangstelling in wat sy sê en is dikwels in haar eie gedagtes verlore.	*Bl. 13: Dis wat ek bedoel. Sy het my nie gehoor nie.* *Bl. 19: Dit was baie duidelik dat sy my weer eens nie gehoor het nie.*
	Haar pa laat haar nie toe om haar opinie te gee nie.	*Bl. 20: "Stil, Iris," het Pa kwaad gesê. "Jou susters veroorsaak meer as genoeg moeilikheid. Aan jou stuiwer het ons nie nou 'n behoefte nie."*
	Gevolglik voel Iris dat haar familie haar nie verstaan nie.	*Bl. 27: Elsa het verward na Ma gekyk. "Waarvan praat die kind?"*

Tydens gesinsgesprekke word Iris nie ingesluit nie en voel sy uitgesluit.	Sy beleef dat sy nie deel vorm van die gesprekke nie.	*Bl. 21: Ongelukkig was Elsa teen daardie tyd klaar getroud en het nie belanggestel in my ontleding van haar gebrek nie.* *Bl. 34: Dit was altyd dieselfde ou storie. Ek was te jonk. Ek kon nog nie saampraat nie. Ek het nie geweet waarvan ek praat nie.*
As jongste kind ervaar Iris dat sy minder erkenning ontvang as haar susters en nooit dieselfde belangrikheid geniet nie.	Sy erf haar susters se ou klere en speelgoed en voel soos iemand wat minderwaardig behandel word.	*Bl. 14: ... ek het die speelgoed en dikwels die klere gekry waarvoor my susters moeg was.* *Bl. 14: Ek het dikwels soos Aspoestertjie gevoel behalwe dat ...*
	Haar ervarings word as minder waardevol beskou as dié van haar susters.	*Bl. 25: En die ergste: elke keer dat ek deur 'n krisis of interessante stadium gegaan het, was my susters my voor, het hulle die kalklig gesteel deur iets meer dramaties te doen.* *Bl. 34: Wat ek ook al gedoen het, was reeds deur hulle gedoen.*
	Selfs haar kinderherinneringe is nie so deeglik vasgelê soos hulle s'n nie.	*Bl. 34: Ma het 'n boek aangehou ... Sy het dit probeer vol-hou ná my geboorte, maar ek het die boek gelees. Onder "eerste woord" staan "mama" en daar hou die inskrywings op.*
Iris glo dat sy selfs nie by Riekie hoort nie, aangesien sy tweede viool speel in hul verhouding.	Sy vermoed dat hy eintlik net tyd saam met haar deurbring om nader aan Kara te wees.	*Bl. 16: ... en ek vermoed hy sou Kara verkies het, behalwe dat sy toe midde-in haar non-stadium was.*
Iris verskil van ander jongmense in haar optrede.	Sy en Riekie vermy byvoorbeeld aktiwiteite soos fliek toe gaan omdat sy nie van springmielies hou nie.	*Bl. 17: ... omdat ek die reuk van springmielies steurend gevind het.*
Iris skep vir haarself 'n alternatiewe werklikheid waarin sy kan ontsnap.	Sy besluit dat sy nie by haar eie realiteit inpas nie en bou daarom 'n ideale fantasiewêreld.	*Bl. 17: Ek het hom oorgeskryf tot iets meer na my sin ...* *Bl. 17: "Dis nodig, Riekie, dis nodig," het ek gefluister en geweier om die werklikheid in die gesig te staar.*
	In hierdie verbeeldingswêreld verwerk sy ook ervarings wat sy nie self beleef het nie, soos Elsa se swangerskap.	*Bl. 28: Ek was nie van plan om "in die moeilikheid" te beland nie, daarvoor was ek te nugter, maar in my verhaal sou ek verwagtings, babas en geboorte omskep tot 'n fantasie.*

Kopiereg voorbehou

Iris erken self dat sy as buitestander grootgeword het.	Sy vorm haar lewensbeskouings deur haar susters waar te neem eerder as om self aktief deel te neem.	*Bl. 25: Ek het hulle fyn dopgehou, hulle lewens geëvalueer en dit as ’n teoretiese oefening gesien om vas te stel hoe ek in ’n soortgelyke situasie sou optree.*
Omdat sy voel dat sy nêrens hoort nie, onttrek Iris haar doelbewus van ander mense.	Sy tree teruggetrokke op en dink diep na oor haar bestaan en haar plek in die lewe.	*Bl. 25: Ek het nooit gelag nie en smiddae laat deur die tuin geloop en tob oor die sin van die wêreld en my plek in die groter bestel. Niemand het eens opgekyk nie, ..*
Selfs haar beroepskeuse weerspieël haar andersheid.	Sy kies om as tandartsassistent te werk eerder as om haar kwalifikasies te benut, sodat sy ruimte het om te fantaseer.	*Bl. 42: Ek wou nie ’n werk hê wat my gedagtes in beslag sou neem nie ... My kop sou onbetrokke bly.*
Iris ontleed alles wat met haar gebeur oormatig, wat haar vervreemding versterk.	Selfs Peter raak gefrustreerd met haar voortdurende bevraagtekening van alles. Sy besef deur sy reaksies dat sy nie soos ander meisies is nie.	*Bl. 48: "Dis ’n debatteerbare punt," het ek gesê. "Soos ek dit sien, is alle plante lewend en ... Hy het sy hand oor my mond gedruk ... "Bly stil, Iris," het hy gesê. "Bly stil. Ek wil nie ’n verdere woord van jou hoor nie."*
Sy kies doelbewus om nie aan ander se verwagtinge van normaliteit te voldoen nie.	Haar voorkoms en kleredrag by die werk ontlok negatiewe reaksies van haar susters.	*Bl. 53: Ek het gehou van my voorkoms ... In die winter het ek swart kouse en plat toeryg-skoene gedra. My "klooster-rokke" was almal grys of swart.*
Die figuur van die Engel in haar lewe – onsigbaar vir ander en ontstellend vir hulle – beklemtoon haar andersheid.	Sy huiwer nie om mense van die Engel te vertel nie. Deur hiervan te praat, vervreem sy selfs haar skoonpa nog voordat hulle mekaar leer ken.	*Bl. 64: Ek het die storie vir dokter Anders vertel ...* *Bl. 104: Sowaar. Jy sien, my ouma het haar eie spesiale Engel gehad en ek het die gevoel die man is nou by my. Saamgevlieg, blykbaar. Billy het sy oë gerol. "Uh-huh."* *Bl. 151: Maar in ’n laaste desperate poging het ek haar van die Engel vertel en dit was ’n kolskoot.* *Bl. 199: "Kwit," het hy gesê. Die kind sien gesigte. Ek gaan na my duiwe toe." ... "Mag ek saamstap?" ... "Jy bring nie geeste met jou saam nie."* *Bl. 204: Ek het gevoel dat ek gefaal het as aanstaande lid van die familie.*
Haar intense betrokkenheid by fantasie en drome dui verder daarop dat sy nie in die werklikheid geanker is nie.	Peter raak ontstel wanneer hy vermoed dat sy hom met ’n denkbeeldige karakter verwar.	*Bl. 62: Hy het deur sy hare gevee sodat hulle regop gespring het om die twee kroontjies. "En ek is deel van so ’n versinsel?"*
Iris se negatiewe selfbeeld en gevoel van vervreemding blyk ook uit haar onvermoë om komplimente te aanvaar.	Sy reageer byvoorbeeld negatief wanneer Joe foto’s van haar neem.	*Bl. 99: "Vir wat het jy my afgeneem?" het ek kwaad gevra. "Dink jy jy is hier om ’n moderne pelgrim se tog deur die bose stad vas te lê?"*

Haar herkoms uit Suid-Afrika laat ander haar as vreemd beskou.	Die taxibestuurder reageer verbaas wanneer hy hoor waar sy vandaan kom, wat haar gevoel van buitestaanderskap versterk.	*Bl. 94: "Ons is die rassiste," het ek behulpsaam genoem.* *Dié keer het hy behoorlik uitgeswenk en stilgehou.*
Ook die hotelpersoneel in New York behandel haar as iemand wat nie daar hoort nie.	Sy verstaan nie hulle onvriendelike optrede nie en lewer self kritiek op hulle gedrag.	*Bl. 98: "This ain't the Hilton, lady," het hy gesê ...* *Bl. 108: Ek het nader gestap. "Jy pla my. Ek is vreemd hier, soos ongetwyfeld die meeste van jou gaste. Jy kan ons help deur vriendeliker te wees, meer tegemoetkomend. "Is dit so?" Hy het effens geglimlag.*
Iris se naïwiteit lei daartoe dat mense haar as ongewoon ervaar en selfs bespot.	Sy het byvoorbeeld nie geld by haar wanneer sy skoene koop nie en Joe moet betaal. Die taxibestuurder reageer ongelowig wanneer hy haar weer raakloop.	*Bl. 99: Hy het gemaklik gelag en die swaaideur vir my oopgehou.* *Bl. 102: ... en die benieude uitdrukking op sy gesig verbygekyk.* *Bl. 103: Hy het hard met sy tong geklik ... "Jy soek moeilikheid en jy gaan dit kry."* *Bl. 105: Jy's ’n kind hier. Dis alles goed en wel dat jy wil blom, maar gestel die man spit jou uit?" Hy het gegrinnik ...* *Bl. 106: "Waarom ek?" het hy gevra. "Waarom word ek uit agt miljoen mense gekies om ’n dom Suid-Afrikaner te help?"*
In Vermont ervaar Iris dat Peter sowel as Bettie en Brian haar as anders beskou, wat dit vir haar moeilik maak om in te pas.	Bettie is ongelukkig oor haar onkonvensionele gedrag en haar besluit om ’n modelgeleentheid te verwerp. Peter bevestig haar andersheid deur gefrustreerd te reageer op haar herhaalde verwysings na haar naam en simboliek.	*Bl. 137: "Nee!" het Bettie gekryt. Sy het haar hand oor haar mond gedruk en gelyk asof sy gaan huil.* *Bl. 140: "Nee!" het Brian gesê. "Jy moet baie selfvertroue hê om dit te kan doen."* *Bl. 140: "Wat een keer per jaar blom," het Peter wanhopig gesê.*
Kandidaat bied gepaste slot aan.		
		[25]

VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
13.1	Hy skryf dat hy baie hard probeer om van haar te vergeet./is baie besig. √	1
13.2	Iris wil nie daaraan herinner word dat sy swak tydsberekening het/dat sy ongevoelig/selfsugtig is nie./ Iris voel skuldig omdat sy nie 'n definitiewe rede kan gee waarom sy nie in 'n ernstige verhouding betrokke wil raak nie. √	1
13.3	Die leser word bewus van die feit dat Iris se ouers anders as ander families s'n is. √ Die leser word ingelig oor die sosiopolitiese omstandighede/Apartheidsjare in Suid-Afrika wat geen invloed op Iris se ouers het nie. √ **EN** Nee. Johanna was baie bewus van velkleur, want sy wil nie vir Claude, wat soos sy lyk, koffie aandra nie./ Sy praat baie neerhalend met Claude./ Sy waarsku vir Iris teen die "negers" wanneer sy Amerika toe gaan. √√	1 1 2
13.4	Dit is gepas omdat sy pers met geboorte was./sluit by die naam wat haar pa vir haar gegee het omdat sy perserig was toe die verpleegster haar vasgehou het. √ **EN** Nee Omdat haar pa nie by haar geboorte was nie, ervaar sy nog steeds innerlike konflik, want sy voel onwelkom./verwerp./ Omdat haar susters nie na haar kom kyk het toe sy gebore is nie, worstel sy vir jare omdat sy nie belangrik genoeg is nie./ Omdat haar ma dadelik aan die slaap geraak het, ervaar sy nog steeds innerlike konflik omdat sy dink dat sy onwelkom is./ Wanneer sy haar toekoms opdroom soos wat die Engel aanbeveel, is haar droom gelaai met alles wat sy nog nooit tervore ervaar het nie. √ **OF** Ja Anders as in haar konflikjare, luister Peter wel na haar. √ *Kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir een punt aan.*	1 1
13.5	Elsa √ **EN** Sy glo dat 'n meisie nie agter 'n man aanloop nie. √	1 1

13.6	Ja Iris is oud genoeg om haar eie besluite te neem./ Sy besef in Amerika dat om te trou en kinders te kry baie belangriker as modelwerk is./ Liefde kom net een keer in 'n mens se lewe. **OF** Nee Sy kon baie meer geld gemaak het indien sy modelwerk gedoen het. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*	1
13.7	Vermont/Brian se vakansiehuis/Amerika. √ **EN** Sy het Vermont toe gegaan omdat Peter haar voor 'n ultimatum gestel het. √	1 1
13.8	Sy is veglustig./bevooroordelend./humeurig,/buierig./emosioneel. √	1
13.9	Brian se kinders/Denise/Junior √ **EN** Iris besef dat die huwelik/om te trou nie eintlik so sleg is nie./Sy besef dat sy dit geniet om "huis-huis" te speel./dink die huwelik is nie onaanvaarbaar nie. √	1 1
13.10	Ja, Elsa is Iris se suster. √ **EN** Elsa stel vir Iris 'n voorbeeld van hoe presiesheid/netheid moet lyk./ Sy sien deur Elsa dat die huwelik 'n vrou sagter kan maak./ Elsa laat Iris minderwaardig voel. √√ *Kandidaat bied enige twee SOORTGELYKE invloede vir TWEE punte aan.*	1 2
13.11	Hulle verlekker hulle in Elsa se verleentheid. √ Hulle geniet dit omdat Elsa hier nié in beheer is nie. √ **EN** Elsa probeer altyd voorsiening maak vir elke soort gebeurtenisse./Sy is perfeksionisties, maar hier kon sy nie die situasie hanteer nie./Haar voorbereiding het misluk. √	2 1
13.12	Johanna is vir Iris soos 'n ma aangesien haar eie ma nie baie aandag aan die dogters geskenk het toe hul groot geraak het nie. √ **EN** Johanna leer vir Iris hoe om hare te vleg./ Sy kritiseer vir Iris wanneer sy voel haar hare is nie na wense nie. Sy vermaan Iris in 'n brief om versigtig vir vreemdelinge te wees. Sy gee Iris opdrag om haar welstand dop te hou. Sy gee vir Elsa pêrels wanneer sy op wittebrood gaan./ Sy pas Elsa se kinders op. √√ *Kandidaat bied enige TWEE aan.*	1 2
		[25]

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

U – Uitsluiting
G – Geweld
S – Sosiale verwerping

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE LITERÊRE OPSTEL VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

ARGUMENT	**ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.		
MAP JACOBS SE BLOOTSTELLING AAN UITSLUITING BEïNVLOED SY LEWENSKEUSES.		
Map Jacobs is op skool 'n skrander leerder met sterk leierseienskappe, maar ervaar uitsluiting op grond van sy velkleur wanneer hy ná skool werk soek. Hierdie gebrek aan geleenthede lei daartoe dat hy verkeerde keuses maak.	Hy is op soek na 'n geskikte beroep, maar kan slegs werk as 'n posbode kry, aangesien beter werksgeleenthede vir wit mense gereserveer is. Gevolglik raak hy by bendebedrywighede betrokke. Map ervaar 'n gebrek aan behoort binne sy gemeenskap en wend hom tot 'n lewe van geweld en misdaad. Dit word duidelik geïllustreer wanneer hy en sy bende besluit om twee vroue in 'n duikweg te beroof.	*Bl. 31:" Ek het matriek gemaak, standerd tien. Ek wiet Ma het baie gehoop op my. Maar, well, daar was nie geld vir verder leer nie, en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only…" "* *Bl. 32: " 'it was drie gangs. Ek was elkeen se leader, elke keer. Ek was altyd die leader… die leader."* *Bl. 32 en 33: " Maar ek sê vir julle ons was daar vir geld, nét vir geld, en ek het net gesê skud hulle, search hulle, daai's al wat ek gesê het!"*
Hy word op grond van sy velkleur uitgesluit van verdere studies, al het hy die potensiaal om verder te kan studeer en kies dus om by bendegeweld betrokke te raak.	Hierdie sistemiese beperking lei daartoe dat hy by bendegeweld betrokke raak en uiteindelik die leier van 'n bende word. Hy kies hierdie lewenspad omdat hy glo dat daar geen alternatiewe vir hom beskikbaar is nie.	*Bl. 31: "Maar, well, daar was nie geld vir verder leer nie."*

Map se behoefte om êrens te behoort dui op sy ervaring van sosiale uitsluiting. Aangesien die gemeenskap hom as 'n gevreesde bendeleier beskou, kies hy om toestemming te gee dat die vroue verkrag word.	Gappie Martin spreek Map as "chief" aan wanneer hy toestemming vra vir die verkragting. Hierdie aanspreekvorm gee aan Map 'n gevoel van mag en identiteit, wat sy besluit om toestemming te gee beïnvloed.	*Bl. 33: " Toe sê Gappie Martin vi my, deur syt balaclava, toe sê hy vir my, Map, die manne wil hê, en hierso is sommer twie… (Sy hande bewe) Say the word, sê Gappie Martin, en hy sê toe vir my "Chief"…"*
Antie Grootmeisie se reaksie op die gebeure— haar stilte ná die traumatiese aand— beklemtoon Map se uitsluiting. Hierdie reaksie motiveer hom om sy sondes in die tronk aan haar te bely.	As gevolg van die skok kommunikeer sy slegs deur haar kop te knik. Map doen moeite om haar vertroue te herwin deur sy skuld te erken en sy dade te bely, wat uiteindelik tot haar vergifnis lei wanneer sy weer begin praat.	*Bl. 30: "Antie Grootmeisie knik, op die agtergrond."* *Bl. 33: "Antie Grootmeisie snik."* *Bl. 62: ANTIE GROOTMEISIE (praat vir die eerste keer in jare): Johnnie…"*
Blanchie verwerp Map deur hom uit haar lewe te sluit en op te hou om hom in die tronk te besoek. Map besluit egter om alles in sy vermoë te doen om aan haar te bewys dat hy verander het.	Tydens haar besoek in die tronk is haar houding verwytend, en haar lag aan die einde van die besoek dui daarop dat hul vorige onskuld nie herstel kan word nie. Cavernelis keur Blanchie se besoeke aan Map af. Hoewel sy hom een keer in die geheim besoek, keer sy nie weer terug nie. Map versoek sy ma om vir Blanchie te oortuig dat hy werklik verander het. Map kom tot bekering en selfs wanneer hy op parool vrygelaat word, kies hy om nie gewelddadig op te tree wanneer Tommy Sobotker hom inlig oor Blanchie se betrokkenheid by Lonely Hearts en haar moontlike aborsie nie.	*Bl. 24: " (bitter) Hoekom kom ek jou nog sien!?... Hoekom… kom ek jou nog sien!! / Johnnie! (Lag en lag. Dit weerklink)"* *Bl. 11: Hy hoef nie meer te worry oor my moet Blanchie nie… Sewe jare."* *Bl. 12: " Sê tog vir Blanchie…* *Bl. 12: " Ma sal nie vergeet om vir Blanchie te sê nie… Ma!"* *Bl. 23: "Jy moet nou weg van hom af… weg, weg, wég van hom af… Bl. 9: En moet Blanchie? Sy kom ook nie meer nie… Ek wiet sy't ook altyd skelm gekom, sonner lat haar mense wiet…"* *Bl. 11: … "lat ek 'n annerste man is… Ma… Sê tog vir Blanchie wat ek sê…"*

	Aan die einde van die drama kies Map om vir Blanchie om vergifnis te vra en haar ook vir haar foute te vergewe.	*Bl. 41: " Ek hoor sy't hierso 'n wit ou, inni Constantia, of so 'n plek, een van die posh wit areas, wat 'n crush het op haar. Hy supply haar glo net mooi met alles wat sy wil hê, klere en alles, geld oek… / Map stil, Tommy praat voort."* *Bl. 42: "Daar was 'n rumour al, ma' ek moet sê dis nou maar 'n rumour, lat Blanchie…well… 'n abortion gehad het."* *Bl. 60: "Nee!... Jy's… goed… / Ek het vir jou… alles ge-vertel… Blanchie… voor Apostel George… voor die Here… en voor Ma… Daar is niks meer nie."*
MAP SE BLOOTSTELLING AAN GEWELD BEïNVLOED SY LEWENSKEUSES.		
Map se blootstelling aan geweld op die Kaapse Vlakte lei daartoe dat hy dit as 'n aanvaarbare uitweg beskou en kies dit as 'n uitweg.	Die sosio-politiese omstandighede in die gemeenskap dra by tot die normalisering van bendegeweld as 'n manier om 'n gevoel van behoort te verkry en Map kies om by bendegeweld betrokke te raak.	*Bl. 32: "it was drie gangs. Ek was elkeen se leader, elke keer. Ek was altyd die leader… die leader."*
Wanneer Map besef dat Ivan Philander besig is om sy suster te verwurg neem hy die besluit om Ivan dood te maak.	Hy kom tot 'n skokbesef waarvoor hy toestemming gegee het en wanneer hy hoor dat dit sy suster is wat besig is om verwurg te word besluit hy om vir Ivan Philander met 'n mes dood te steek.	*Bl. 34: "Ek swaai hom net van haar af, en ek stiek hom met die mes, en ek stiek hom, en ek stiek hom, en ek stiek hom, en ek skrie die heeltyd, en ek skrie, tot lat Gappie Martin my arms vasgryp, en my wegruk, en hulle skrie vi' my: Is jy befok!!"*
	Nadat hy besef dat hy indirek verantwoordelik is vir sy suster se dood, dryf skuldgevoelens hom daartoe om homself aan die polisie oor te gee. Hy aanvaar verantwoordelikheid vir die moord en ontvang tronkstraf.	*Bl. 35: "Toe's ek poliesstasie toe, na die sergeant op nightduty. Hy't vir my geken. O, 'is jy, Map Jacobs, het hy gesê… / Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande uit, vi' die boeie… Ek het myself op-gegie. Ek het getry om 'it… soes 'n man te vat…"*

Die geweld waaraan hy blootgestel is, lei uiteindelik tot 'n keerpunt waar hy besluit om tot bekering te kom.	In die tronk ontmoet hy Apostel George en bely sy sondes voor die apostel, God en sy ma as bewys van sy verandering. Hy vertel voor die apostel, God en sy ma wat presies daardie aand gebeur het sodat hy kan bewys dat hy 'n veranderde man is.	*Bl. 35: "Ek het twaalf jaar gekry. Ek het sewe jaar geserve. Ek is yt op parole. Ek het klaar gepraat. So God vergewe my."*
Cavernelis se selfmoord dien as verdere katalisator vir Map se innerlike verandering.	Ná hierdie gebeurtenis kies Map om vir Blanchie om vergifnis te vra en haar ook te vergewe vir haar betrokkenheid by Lonely Hearts.	*Bl. 61: "Blanchie sak knielend neer op die grond, haar arms om Map. Die lig verander."*
MAP SE BLOOTSTELLING AAN SOSIALE VERWERPING BEïNVLOED SY LEWENSKEUSES.		
Map word deur die gemeenskap verwerp omdat hy as 'n gevreesde bendeleier beskou word en hulle nie glo dat hy werklik verander het nie. Nietemin kies hy om hierdie persepsie te weerlê.	Wanneer hy op parool vrygelaat word, reageer hy nie gewelddadig wanneer Tommy Sobotker hom oor Blanchie se verlede en die kersorkes konfronteer nie, wat sy innerlike verandering bevestig. Die kersorkes, The Star of the Redemption, verwelkom Map nie terug as saksofoonspeler nie. Hierdie uitsluiting beklemtoon sy buitestanderskap, maar motiveer hom terselfdertyd om te bewys dat hy nie meer die persoon van sy verlede is nie.	*Bl. 42: "Map is stil, starend."* *Bl. 43: "MAP (lag): Okay…"* *Bl. 44: "Hy wil Map se hande in syne neem, maar Map retireer en lag."* *Bl. 46: Die band nét so, Oompie Paulsen-hulle… even húlle, net so, dieselfde… Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee, so steer ma' clear van Map Jacobs af, nou… allerhande ekskusies… die membership is al vol, die vorms vir die end vannie jaar se competitions is al ingevul… (Lag)"* *Bl. 47: "Ek sil nie weer shit aanvang nie! Ek sweer 'it, voor 'ie Here… Voor Ma… voor Apostel George!"*

Map ervaar verdere verwerping wanneer hy werk soek, maar weens sy kriminele rekord en gebrek aan verwysings telkens afgekeur word. Tog belowe hy dat hy verander het en besluit om aan te hou probeer – vir Blanchie en sy ma.	Sy tatoeëermerke dien as sigbare bewys van sy verlede en belemmer sy pogings om werk te bekom. Ten spyte hiervan volhard hy en belowe om sy lewe te verander, veral ter wille van Blanchie en sy ma. Map besluit egter om te bewys dat hy 'n veranderde man is en belowe dat hy nie weer moeilikheid sal aanvang soos voorheen nie. Ironies genoeg is die sosiale verwerping wat voorheen tot sy ondergang gelei het, nou die einste ding wat hom motiveer om te verander.	*Bl. 45: "Hulle sê dan vir jou, om maar tyd op te maak, 'cause hulle't kant en klaar gedecide oor jou… sommer maar om tyd op te maak… (Lag) Please could you fill in this form, Mister Jacobs!"* *Bl. 46 en 47: " Ek was nie meer die ou wat jy op skool geken het nie, ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer ge-change, ek het weer 'n mens geword, so, Blanchie, ek wil moet jou praat, hoekô avoid jy vir my?"*
Kandidaat bied gepaste slot aan.		
		[25]

VRAAG 15: KRISMIS VAN MAP JACOBS – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
15.1	Neweteks / toneelaanwysings √ **EN** Die neweteks/toneelaanwysings dui aan dat Antie Grootmeisie nie kan praat nie en daarom haar antwoord deur middel van 'n kopknik oordra./ Dit wys vir die leser dat sy die apostel se vraag bevestigend beantwoord en dat sy "glo", ten spyte daarvan dat sy stom is. √	1 1
15.2	Sy moet glo dat Map vanaf bendelid na bekeerde verander het./dat hy in die tronk verander het./dat hy tot bekering gekom het./ √ **EN** Die apostel wil hê dat Antie Grootmeisie vir Map moet vergewe (sodat hy kan besef dat sy moeder hom vergewe het en hy gevolglik die waarheid oor daardie aand vrylik kan bely.)√ **EN** Nee, want Map is die rede vir haar trauma wat daartoe gelei het dat sy stom is./is verantwoordelik vir die verkragting van haar en haar dogter en die moord op Kleinmeisie. √ **OF** Ja, 'n ma se liefde is veronderstel om selfs sulke afskuwelike dade te kan vergewe. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.*	1 1 1
15.3	Die tronk waarin Map hom in TEKS I bevind, is simbolies van die Kaapse Vlakte wat as 'tronk' vir die inwoners dien omdat hulle in 'n uitsiglose bestaan vasgekeer is met geen werk/vooruitsigte nie. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.*	1
15.4	Die "saggies" en "sagter" dra tot die emosionele/afwagtende/plegtige stemming by deurdat dit die apostel se deernis/teerheid duidelik blyk./Daar heers 'n gewyde stemming en die vermindering van die volume dra tot die intimiteit van die oomblik by. √	1
15.5	Map word nie maklik weer deur die gemeenskap aanvaar nie omdat die kersorkes, The Star of the Redemption, hom nie wil toelaat om terug te keer nie./ Die inwoners van die Kaapse Vlakte glo nie dat hy werklik verander het nie./ Sy tatoeëermerke veroorsaak ook dat hy sukkel om werk te kry. √√ *Kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde aan.*	2

15.6	Hy het, as leier van die bende, daardie aand toestemming vir sy bende gegee om die twee vrouens te verkrag. √ Hy het vir Ivan Philander vermoor/met 'n mes gesteek toe hy besef dat Ivan besig is om sy suster te verwurg. √ **EN** Ja, hy ervaar intense skudgevoelens oor sy aksies daardie aand, maar weet hy moet sy sondes voor sy ma en die apostel bely vir volkome verlossing./ hy ervaar konflik tussen swyg omdat hy skaam is (al weet hy hy is reeds deur God vergewe) en om sy sondes te bely sodat hy volkome bevryding kan kry. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan wat BEIDE kante van die konflik aanraak. Kandidaat kan nie NEE-antwoord aanbied nie.*	2 1
15.7	Net soos wat die "kerrimstok" gebruik word om die stukke oor die bord te beweeg, net so word die bruin inwoners van die Kaapse Vlaktes deur die regering rondgeskuif./ ontwortel en verskuif na die Kaapse Vlaktes. √ **EN** Die "kerrimstok" dui op Richie en Cyril wat leeglêers is./ledig is./lui is./hulle met niksdoen besighou./niks doen om hulle omstandighede te verbeter nie./nie werk nie en heeldag rondsit en kerrim speel (en skinder). √ **EN** Tommy werk as juwelesmous, terwyl Richie werkloos is en geen werklike toekomsvooruitsigte toon nie. √ Tommy probeer konflik vermy en die vrede handhaaf, terwyl Richie nie huiwer om konflik te veroorsaak nie. √ *Kandidaat wys na ALBEI karakters vir een punt aan.*	1 1 2
15.8	Dit is ironies omdat 'n mens sou verwag dat Tommy, wat voorkom as 'n vredeliewende karakter, nie moeilikheid sou veroorsaak of vir Map sou uitlok nie. Tog probeer hy Map kwaad maak deur stories oor Blanchie se beweerde betrokkenheid by prostitusie met wit mans te vertel om 'n reaksie by hom uit te lok. √ *Kandidaat moet na ALBEI kante van die ironie verwys vir een punt.*	1
15.9	La Guma is 'n funksionele karakter omdat hy deurlopend kommentaar lewer op die politieke klimaat waarbinne die drama afspeel./ aan die leser verduidelik hoe die regering die inwoners van die Kaapse Vlakte as randfigure behandel./ hy as 'n selfaangestelde politieke kommentator op tree √ *Kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* *Kanditaat moet na funksionaliteit verwys* **EN** La Guma wat wegdraf, sluit daarby aan dat Cyril hom 'n "P.T.-vark" noem omdat "P.T." na liggaamlike opvoeding verwys./ hy iemand is wat fisies aktief is en oefen. √	1 1

15.10	Richie roep graag vir Blanchie en noem haar name./moveer vir Blanchie oor haar werk by die Lonely Hearts Masssage Parlour./verdedig haar nie wanneer Cyril haar ook verkleineer nie. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.* **EN** Sy werk as prostituut by die Lonely Hearts Massage Parlour./ Sy slaap by die wit mans van Constantia onder valse voorwendsels dat hulle vir haar 'n modelkontrak in Parys gaan aanbied. √ **EN** Ja omdat haar optrede as prostituut nie moreel aanvaarbaar is nie en dit verstaanbaar is dat iemand wat gevoelens vir haar het, daaroor ontsteld sou wees. √ **OF** Nee, Richie geen reg het om haar te oordeel op grond van haar persoonlike keuses nie, veral aangesien hy self werkloos is en niks doen om sy omstandighede te verbeter nie. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.*	1 1 1
15.11	Albei poog om Map 'n beter toekoms te verseker deur sy integrasie in die gemeenskap te vergemaklik./ om die vergifnis van die gemeenskap te bewerkstellig. / Albei karakters probeer om vir Map te help/te rehabiliteer. √ Apostel George **bereik sy doelwit** om Map se moeder te oortuig om hom te vergewe, soos blyk uit die feit dat sy aan die einde van die drama vir hom sê "Johnny" en vir die eerste keer haar stem gebruik om hom by naam te noem, wat aandui dat sy hom vergewe het. √ Miss Africa **slaag nie** in haar poging om Map Jacobs 'n beter toekoms te verseker nie, aangesien hy nie 'n werk kan kry nie./ nie toegelaat word om weer aan die kersorkes te behoort nie omdat die gemeenskap nog steeds vir Map as 'n gevreesde bendeleier beskou. √	1 1 1
		[25]

VRAAG 16: MIS – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

KODES:
MiV – Miem Vrees
Mil – Miem Isolasie
MeV – Meisie Vrees
Mel– Meisie isolasie

LET WEL:

Dis ’n breë raamwerk van feite.
Al die feite hoef nie genoem te word nie.

ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

ARGUMENT	**ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE**	
Die kandidaat bied ’n gepaste inleiding aan.		
MIEM SE BLOOTSTELLING AAN VREES BEïNVLOED HAAR KEUSES		
Miem het ’n oodrewe vrees vir die bose dinge wat die sirkus inhou wat haar daartoe dryf om alles gesluit te hou.	Miem beskryf die sirkus as ’n plek van sonde en morele verval, wat haar negatiewe ingesteldheid teenoor die buitewêreld beklemtoon. Sy verbind die sirkus met versoeking en gevaar, veral vir jong meisies soos Meisie. Sy sien dit nie as toeval dat die meisies jaarliks op dieselfde aand verdwyn nie.	*Bl. 5: “Al die verstandiges het voorsorg getref. Slotte en grendels.”* *Bl. 6: “Ja-nee. Vannag moet mens jou ore oophou. En jou oë. Die gevaar is oral.” Bl. 7: “Iets…onheilig. Iets wat ronddwaal… op soek na bevrediging… van onaardse drange.”* *Bl. 13: Weet jy, Gertie… dit laat my mos dink. Die sirkusgedoente was die vorige kere ook hier. Op dieselfde aand! Wie weet, miskien is hy een van hulle!”*
	As gevolg hiervan dring sy daarop aan dat deure en vensters gesluit bly om die “bose” buite te hou. Haar vrees lei tot ’n onderdrukkende huislike atmosfeer waarin Meisie se vryheid beperk word. Sy is selfs aanvanklik ongeneë om die deur vir die konstabel oop te sluit.	*Bl. 8: “Wag net ’n oomblik. (Buk af en loer deur die sleutelgat. Sluit dan die deur oop. Die sirkusmusiek kan gehoor word.)”* *Bl. 15: “Verskoon tog, Konstabel, maar vannag moet ’n mens versigtig wees! (Loer deur die sleutelgat)”*

Miem vrees vir haar en Meisie se veiligheid omdat Gabriël hom na die Groot Depressie na die solder onttrek het en dit lei daartoe dat sy vir Meisie beheer en bewaak.	Wanneer Meisie na die liggies van die sirkus deur die venster kyk, vermaan en verneder Miem haar.	*Bl. 7: "En dan wil jy nog kyk! / Het jy geen skaamte nie? / Liggies! Jy weet ek jou verbied!"*
	Miem skep 'n diep vrees by Meisie vir die moontlike onheil wat die sirkus inhou. Sy vertel in detail wat moontlik kan gebeur wanneer die meisies alleen huis toe stap nadat hulle by die sirkus was en dit maak vir Meisie bang. Hierdie beheer beklemtoon Miem se onsekerheid en haar behoefte om veiligheid af te dwing.	*Bl. 41: "MIEM: (fluister onheilspellend) Dit is seker moontlik. Al met die rivier langs. Tussen die riete en die lang gras… Onder die wilgerbome deur. MEISIE: Hou op, Ma. Asseblief. Ek word bang."*
	Miem gebruik hierdie vrees om vir Meisie te paai en gerus te stel dat sy haar sal beskerm teen enige iets of iemand wat haar leed wil aandoen. Ironies genoeg is dit juis die konstabel wat Miem ingenooi het, wat uiteindelik vir Meisie ontvoer.	*Bl. 41: "Toe maar, my kind. Jy hoef nie bang te wees nie. Hier is jy mos veilig."*
Miem se vrees dat Meisie weer na die sirkus sal gaan, dryf haar daartoe dat sy vir Meisie manipuleer om gehoorsaam te wees.	Meisie het voorheen uitgeglip om na die sirkus te gaan kyk en Miem was diep gegrief. Sy gebruik skuldgevoelens en morele druk om Meisie se gedrag te beheer deur aan te dring dat dit die oorsaak is van haar siekte en dat sy vir twee weke net gortsop kon eet. Sodoende kry Miem dit reg om vir Meisie gehoorsaam te hou en Meisie doen dus alles wat haar ma van haar verwag sonder om tee te stribbel.	*Bl. 7: "Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!"*
	Miem herinner Meisie aan die gevare van die sirkus om haar te ontmoedig om weer soontoe te gaan. Sy gebruik skuldgevoelens en morele druk om Meisie se gedrag te beheer.	*Bl. 8: "Toe nou. Wat verby is, is verby. (Kort stilte) Gaan aan met jou werk."*

Miem vrees dat daar 'n moordenaar op die aand van die 31ste Augustus 1936 vir Meisie sal ontvoer en kies dus om die onbekende Konstabel Van Der Riet in te laat.	Die verdwyning van ander meisies verhoog Miem se paranoia en gevoel van gevaar. Sy glo dat 'n polisieman veiligheid en beskerming sal bied. Ten spyte daarvan dat hy 'n vreemdeling is, laat sy hom in die huis toe. Haar vrees lei dus tot 'n ironiese besluit wat juis die gevaar nader bring.	*Bl. 15: "Dis waar! Hy is 'n konstabel. Die hoekom Wagter nie geblaf het nie!/ (sluit die deur oop) So ja, (Maak die deur oop) kom gerus binne."*
Miem vrees dat Gabriël nooit uit die solder sal kom nie en probeer om vir Meisie aan Konstabel af te smeer in 'n poging om vir Gabriël uit die solder te kry.	Reeds in die uiteensetting maan Miem vir Meisie om regop te sit, want sy glo dat geen man met haar gaan wil trou as haar postuur nie reg is nie.	*Bl. 5: "Sit regop! Hoeveel keer moet ek dit nog sê? As jy 'n man wil hê, moet jy let op jou postuur."*
	Miem beskryf vir Meisie aan Konstabel en moedig hom aan om aan haar sagte hare te vat sodat hy kan "voel" hoe mooi sy is. Sy beskryf Meisie se heupe ook as breed genoeg.	*Bl. 25: "En haar hare is so lank en sag. Ek wens u kon haar sien, Konstabel. 'n Fees vir ie oog. Miskien wil u haar hare voel? Toe, Meisie, laat die konstabel aan jou hare voel."*
	Miem maak dan ook seker dat sy en Gertie verdwyn sodat Meisie en Konstabel alleen tyd saam kan spandeer, al het Miem aanvanklik gesê dat sy vir Meisie sal beskerm. Haar selfsugtigheid kom haar egter later duur te staan.	*Bl. 25: "Meisie sal jou geselskap hou, Konstabel. Sy is 'n bietjie ingetoë maar as jy haar aanmoedig, kruip sy uit haar dop. Kom, Gertie."*
	Sy bieg teenoor Konstabel dat sy glo dat Gabriël sal afkom wanneer Meisie die dag trou. Miem stel dus haar dogter se belange in gedrang om haar eie situasie te verbeter.	*Bl. 48: "Ek is seker hy sal afkom… as Meisie die dag trou."*

Miem se vrees vir die beweerde moordenaar maak haar blind vir die werklikheid en sy laat toe dat Meisie saam met Konstabel alleen na buite gaan.	Alhoewel Miem aanvanklik alle deure gesluit hou, huiwer om enige iemand in te laat en belowe om vir Meisie te beskerm, laat sy toe dat Meisie en Konstabel alleen na buite gaan om die slopemmer skoon te maak. Dit is juis hier waar die twee moontlik afspreek dat sy later die aand saam met hom al verdwyn.	*Bl. 39: "Dit is gaaf van u, Konstabel. MEISIE en die KONSTABEL beweeg met die slopemmer na die agterdeur. / Ja. Onder die perskeboom. Hulle praat met mekaar."*
MIEM SE BLOOTSTELLING AAN ISOLASIE BEïNVLOED HAAR OPTREDE.		
Miem word deur die nagevolge van Die Groot Depressie tot haar huis beperk omdat sy die broodwinner is wat vir haar gesin moet sorg en steun dus op Meisie om haar met die werk te help.	Miem verpak dieremis en verkoop dit aan die boere om 'n inkomste te genereer en aangesien dit net sy en Meisie is, moet hulle baie hard werk om soveel as moontlik daarvan te verpak.	*Bl. 6: "Die skêr is alweer stomp, Meisie, jy moet dit slyp. Meestal beesmis. So dertig perdemis en tien vark. Ja, ons doen goed die maand. Vroeglente wil almal die grond bewerk. / En jy moet vinniger werk. Jy sal nooit klaarkry nie."*
	Die ekonomiese gevolge van die Groot Depressie dwing Miem om self verantwoordelikheid vir die huishouding te neem. Sy is tot die huislike ruimte beperk en het min kontak met die buitewêreld. As gevolg hiervan raak sy afhanklik van Meisie vir praktiese en huishoudelike ondersteuning. Hierdie situasie versterk haar beheer oor Meisie en beperk Meisie se onafhanklikheid.	*Bl. 25: "En dan help sy nog met die sakke!" Bl. 27: "En elke dag moet ek was en stryk want ons klere ruik na mis. En die vensters, elke dag moet ek hulle skoonmaak. (Byna huilend) Want… die vlieë los mispatrone op die ruite. Kos, slopemmer! Sakke!"*
	Miem verwag ook van Meisie om die vuil slopemmer wat Gabriël uit die solder laat sak, skoon te maak, al gril Meisie vir sy wit vingers. Gabriël se vasgevangenheid in die solder hou hierdie twee vrouens vasgevang in die huis.	*Bl. 25: "Soos ek gesê het, Meisie doen alles in die huis, Na die Depressie kan ons nie 'n huishulp bekostig nie. Sy maak die beddens op, vee die vloere, doen die skottelgoed, was en stryk…"*

Miem is 'n getroude vrou, maar is alleen; haar seksuele frustrasie maak van haar 'n gevangene en sy deel hierdie gevoelens met Konstabel.	Gabriël se afwesigheid lei tot emosionele en fisiese eensaamheid vir Miem. Haar onderdrukte begeertes kom na vore in haar gesprekke met die Konstabel wanneer sy sê dat die teenwoordigheid van 'n man maak dinge in haar "wakker", wat haar isolasie beklemtoon. Hierdie optrede dui op haar behoefte aan aandag en bevestiging, wat haar kwesbaar maak.	*Bl. 47 en 48: Dit is so lank laas… lank laas… dat 'n man vir my goeienag gesê het./ Ek moet erken, Konstabel… om 'n man hier te sien… dié tyd van die nag… wel… dit maak weer dinge in my wakker.* *Bl. 48: As mens gewoond is aan… (Sy kyk weer op) is dit moeiik om te bly, so sonder 'n man.*
Miem se siekte veroorsaak dat sy nie vreeslik beweeglik is nie en steun dus geweldig op Meisie om haar te help.	Miem verwys herhaaldelik na haar swak gesondheid en haar fisiese beperkinge, wat haar afhanklik maak van Meisie vir die uitvoering van huishoudelike take.	*Bl. 7: Al is die gat groot, sien ek maar sleg.*
	Sy bly meestal binnenshuis en neem selde self deel aan fisiese arbeid, wat haar rol as afhanklike moeder beklemtoon.	*Bl. 26: My ma het my hier nodig. My ma het net vir my.* *Bl. 21: (Aan MEISIE) Vir wat staan jy by die venster? Kom sit en maak jou sak klaar.* *Bl. 24: MIEM: Ja, dankie. My borstrok was net 'n bietjie styf. Ek moet mooi kyk na my sirkulasie. Dis nie aldag alte goed nie.*
	Meisie verrig take soos die versorging van die huis en die hantering van praktiese verantwoordelikhede, wat aandui dat sy die rol van versorger oorneem.	*Bl. 26: Ja. Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag is als vol stof. Die mure is dun en vol krake. En als wat buite is, kom in. Ek vee en stof, vee en stof, maar dit help nie.* *Bl. 24: MIEM: Dis dié dat Meisie so baie moet doen. Al rus daar 'n swaar las op haar jong skouers, bly sy vlytig en gewillig.*

Miem se isolasie veroorsaak dat sy haar vertroue in ’n vreemde man plaas; sy gaan slaap en los vir Meisie saam met Konstabel.	Miem leef in ’n afgesonderde ruimte en het min kontak met die buitewêreld, wat haar beoordelingsvermoë beïnvloed. Sy aanvaar die Konstabel se gesag sonder deeglike bevraagtekening, bloot omdat hy ’n figuur van orde en veiligheid verteenwoordig.	*Bl. 18: “So, u is natuurlik hier oor die verdwynings, Konstabel?”*
	Ten spyte van die gevaarlike omstandighede (die verdwyning van meisies), toon sy ’n naïewe vertroue in dié vreemdeling. Miem prioritiseer haar eie behoefte aan rus en veiligheid deur te gaan slaap, eerder as om self waaksaam te bly.	*Bl. 48: “MIEM: Ek moet vroeg op. Die besending mis word sewe-uur gelaai.”* *Bl. 49: “MIEM”: Goeienag, Konstabel.”*
	Deur Meisie alleen by die Konstabel te laat stel sy haar dogter bloot aan potensiële gevaar, wat die ironie en spanning in die drama verhoog. Hierdie optrede beklemtoon Miem se isolasie en haar onvermoë om die werklikheid krities te evalueer.	*Bl. 50: “MEISIE: (koponderstebo en skaam) Ek het gehoor hulle het gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.”*
MEISIE SE BLOOTSTELLING AAN VREES BEïNVLOED HAAR OPTREDE.		
Meisie is bang daarvoor om haar ma verder siek te maak en besluit om gehoorsaam te wees wanneer Miem haar verbied om na die sirkus te kyk of luister.	Meisie is bewus van haar ma se swak gesondheid en voel verantwoordelik vir haar welstand, aangesien Miem vir Meisie vir haar toestand blameer omdat sy weggeglip het om na die sirkus te gaan kyk.	*Bl. 7: “Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet! / Dit het my ’n knou gegee! Van toe af voel ek baie erger!”* *Bl. 11: “Dit sal haar goed doen. Sy is mos alewig ontevrede.”*
	Sy gehoorsaam Miem se instruksies uit vrees dat ongehoorsaamheid haar ma verder kan benadeel. Hierdie vrees lei tot selfonderdrukking en die onderdrukking van haar eie begeertes, al wil sy so graag na die sirkus kyk.	*Bl. 7: “Ek is jammer, Ma.”* *Bl. 8: “MEISIE huil sag.”* *Bl. 9: “MEISIE maak die deur vinnig toe. Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie.”*

Meisie het 'n vrees vir haar pa wat in die solder woon en gril selfs vir hom.	Gabriël se onttrekking na die solder skep 'n misterieuse en ontstellende teenwoordigheid in die huis. Meisie het min direkte kontak met haar pa, wat haar vrees vir hom versterk. Sy ervaar hom as vreemd en amper onmenslik, aangesien hy hom van die gesin en samelewing onttrek het. Die feit dat hy nooit gesien word nie, dra by tot die spanning en vrees rondom sy karakter. Meisie se reaksie van afsku ("gril") dui op haar emosionele afstand en ongemak teenoor hom.	*Bl. 5: MEISIE: (fluisterstem) Ek is bang… As ek opkyk, sien ek sy benerige, wit hand. MIEM: (sag en kwaai) Skaam jou! Jou eie pa! (Staan effens moelik op en maak die tou styf vas) Trek maar op!*
Die vrees wat Miem in Meisie inboesem, maak Meisie blind vir die gevaar wat reg onder haar neus in die vorm van die konstabel is omdat sy hom ook vertrou.	Meisie internaliseer haar ma se vrese en aanvaar haar wêreldbeskouing oor die boosheid van die sirkus, sonder bevraagtekening. Sy glo, nes Miem, dat die grootste gevaar buite die huis lê, en nie binne nie. Gevolglik vertrou sy die Konstabel, aangesien hy as 'n figuur van gesag en veiligheid voorkom wanneer sy haar regte naam vir hom gee. Hierdie vertroue maak haar kwesbaar en dra by tot die dramatiese ironie in die drama.	*Bl. 15: MEISIE kom nader en staan bang agter haar ma se stoel. Daar is weer 'n klop.* *Bl. 27: MEISIE: (skaam) Meisie. (Vinnig) Maar dis nie my regte naam nie. KONSTABEL: En wat is dit? Jou regte naam? MEISIE: (baie skaam) Margareta.*
Meisie kies egter om haar vrees vir die sirkus en haar ma se voorskrifte te oorkom en dans saam met die hofnar by die kombuis uit.	Meisie bereik 'n keerpunt waar haar verlange na vryheid haar vrees oorskry. Die hofnar simboliseer ontsnapping en bevryding uit haar beperkende omstandighede. Sy verbreek haar ma se reëls en kies om die onbekende te betree deur saam met hom by die kombuis in haar aannemingsrok uit te dans, al stribbel sy aanvanklik tee. Hierdie optrede dui op haar oorgang van onderdrukking na selfstandige optrede.	*Bl. 51: Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stile n kyk om na die KONSTABEL.* *Bl. 51: Nee! Maak toe die deur! Maak toe die deur! (Hardloop na die deur)/ Sy breek skielik weg van hom. Sy druk haar hande oor haar ore en fladder deur die kamer. Sy fladder na die gangdeur.*

MEISIE SE BLOOTSTELLING AAN ISOLASIE BEïNVLOED HAAR OPTREDE.		
Meisie is reeds as enigste kind geïsoleer en Gabriël is ook nie meer daar om te help nie; sy volg dus haar ma se instruksies blindelings omdat dit van haar verwag word.	Meisie leef in 'n afgesonderde huishouding sonder sosiale kontak met ander mense. Die afwesigheid van Gabriël vererger haar isolasie en laat haar sonder 'n alternatiewe gesagsfiguur.	*Bl. 26: Ek weet nie wat om te sê nie. Ek is nie gewoond aan mense nie.*
	Sy aanvaar haar ma se gesag sonder teenstand, aangesien dit die enigste norm is wat sy ken. Hierdie situasie beperk haar vermoë om onafhanklik te dink en op te tree.	*Bl. 4: Ja, Ma. (Gaan sit en begin weer werk)* *Bl. 5: MEISIE staan ietwat onwillig op en bind die mandjie haastig aan die onderpunt van die tou vas.*
Die figuurlike tronk waarin Miem haar hou, dryf haar egter tot rebellie en klein aksies waarin sy teen gesag opstaan.	Die huis funksioneer as 'n simboliese tronk wat Meisie se bewegings en vryheid beperk. Haar onderdrukking lei tot 'n groeiende behoefte aan selfuitdrukking en onafhanklikheid. Alhoewel Miem vir haar sê om 'n vingerhoed te dra wanneer sy die missakke werk, dra sy dit nie en steek haar vinger gereeld raak.	*Bl. 4: MEISIE: Eina! (Suig haar vinger) / MIEM: Ja, jy wil mos nie 'n vingerhoed gebruik nie.* *Bl. 13 & 14: MEISIE: Eina! (Sy suig haar vinger) GERTIE: Aag tog, het jy jou raakgesteek? MIEM: Wil mos nie 'n vingerhoed dra nie!*
	Meisie gebruik subtiele vorme van verset en elke kans wat sy kry om by die venster uit te kyk om die sirkusliggies te sien, gryp sy aan. Alhoewel Miem vir haar daaroor aanspreek, doen sy dit tog en het voorheen skelm uit die huis gegaan om na die sirkus toe te gaan.	*Bl. 7: MEISIE: (vinnig) Ek kyk net na die liggies. MIEM: (staan op. Kwaai) Liggies! Jy weet ek jou verbied!*
	Miem laat Meisie glo dat die sirkus boos is en dat sy nie daaroor mag praat nie, maar gebruik tog die geleentheid wanneer sy en Konstabel alleen is om vir hom te vertel wat sy vir by die sirkus beleef het. Hierdie dui op haar smagting na vryheid.	*Bl. 28: MEISIE: Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.* *Bl. 28 en 29: MEISIE: Nou goed, ek sal vir u vertel en dan sal ek daarvan vergeet.*

Kopiereg voorbehou

Die misreuk isoleer vir Meisie omdat geen man vir haar kom kuier nie a.g.v. die stank; sy smag dus ook na die vryheid wat 'n man vir haar sal kan bring.	Die voortdurende reuk van mis skep 'n onaangename omgewing wat sosiale kontak ontmoedig. Meisie word van 'n normale jongmenslewe ontneem en word geïsoleer om haar ma met die missakke te help wat hulle gebruik om 'n inkomste te genereer. Meisie het geen geleenthede vir romantiese of sosiale interaksie nie. Hierdie mis waarmee sy werk, veroorsaak egter dat niemand vir haar kom kuier nie en sy plant rose voor haar venster om die misreuk te verdryf. Sy ontwikkel 'n verlange na ontsnapping en 'n beter lewe buite haar huidige omstandighede. Hierdie verlange maak haar meer vatbaar vir die invloed van die konstabel/hofnar.	*Bl. 26: Werklik, Juffrou? Kry u nie besoekers nie? / Daar's baie mis op die werf. Groot hope mis. Soos hooimiede. Alle soorte. Beesmis. Perdemis. Varkmis. Aan die begin van elke maand bring die boere hulle mis./ My ma sê dit hou ons aan die lewe. Die mis. Maar dit stink!* *Bl. 26: Ek… het roosbome voor my venster geplant. (Stilte) En dis hoekom…niemand wil kom kuier nie. Dit ruik so aaklig. En wie sou nou tee wou drink?* *Bl. 26: Ek weet nie wat om te sê nie. Ek is nie gewoond aan mense nie.*
Die isolasie raak egter vir haar te veel en kies vryheid bo veiligheid wanneer sy blindelings die hofnar by die kombuis uit volg.	Meisie se langdurige isolasie lei tot emosionele uitputting en 'n begeerte om te ontsnap. Sy prioritiseer vryheid en die onbekende bo die veiligheid van haar huislike omgewing. Haar besluit om die hofnar te volg dui op 'n impulsiewe en desperate keuse. Hierdie optrede beklemtoon die tragiese gevolge van haar isolasie.	*Bl. 51 en 52: Die KONSTABEL maak die gaasdeur oop en sit 'n klip daarvoor. Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL.*
Kandidaat bied gepaste slot aan.		
		[25]

VRAAG 17: MIS KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
17.1	Neweteks/toneelaanwysings. √ **EN** Die beskrywing van die huilwind wat geleidelik vervaag en verdwyn, dra tot 'n ligter stemming in die uittreksel by. √	1 1
17.2	Hierdie aand/die laaste aand van Augustus van die vorige jaar/1936 toe twee meisies kaalvoet in hul aannemingsrokke verdwyn het. √ **EN** Haar woorde versterk die suggestie dat die sirkus onheil meebring./'n onheilspellende invloed het, aangesien 'n soortgelyke gebeurtenis die vorige jaar plaasgevind het toe die sirkus teenwoordig was. √ **EN** Ja, die konstabel lei Meisie by die kombuis uit/ontvoer haar terwyl hy in sirkusklere/'n hofnar se kostuum geklee is, wat bevestig dat hy deel van die sirkus is. √	1 1 1
17.3	Rebelsheid./Teenstand. √ **EN** Onderdanigheid./Gehoorsaamheid. √ **EN** (Meisie se rebelsheid teenoor haar moeder se voorskrifte rondom die dra van 'n vingerhoed sluit aan by die) tema van **soeke na bevryding**. √ **EN** Miem hou Meisie verantwoordelik vir haar siektetoestand omdat Meisie voorheen die sirkus besoek het; gevolglik ervaar Meisie skuld en tree sy onderdanig op./ Miem manipuleer Meisie om gehoorsaam te wees deur haar siekte as drukmiddel te gebruik./ Miem boesem vrees by Meisie oor die teenwoordigheid van die sirkus in wat daartoe lei dat sy op Miem staatmaak om haar te beskerm en is dus gehoorsaam. √ *Kandidaat bied SOORTGELYKE antwoord aan.*	1 1 1 1
17.4	Dit is nie geloofwaardig nie, aangesien Miem oor die algemeen streng teenoor Meisie optree./nie gewoonlik vriendelik met haar kommunikeer nie./gewoonlik manipulerend teenoor haar optree. √/ Miem nooit enige waardering vir Meisie wys nie. *Kandidaat kan NIE 'n JA-antwoord aanbied NIE.*	1

17.5	Die drama speel ná die Groot Depressie af en Miem verkeer in finansiële nood; gevolglik is dit problematies dat beskikbare kos nie geëet word nie. /gemors word. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.* **EN** Gabriël √	1 1
17.6	Meisie, Miem, Gertie en die Konstabel is in Miem se huis waar hul oor die moontlikheid van die gevare wat die sirkus meebring, bespiegel. √ *Kandidaat moet na PLEK EN HANDELING verwys.*	1
17.7	Sy poog om Meisie bang te maak sodat sy onderdanig/gehoorsaam sal wees./ Sy probeer Meisie manipuleer deur vrees in te boesem sodat sy nie die sirkus besoek of na die sirkusligte kyk nie./ Sy wil Meisie teen moontlike gevaar beskerm.√√ *Kandidaat bied TWEE antwoorde aan.* **EN** Ja, sy slaag daarin, aangesien Meisie haar moeder versoek om op te hou praat omdat dit haar bang maak. √ **OF** Nee, Meisie besef nie die gevaar in die slot van die drama nie en verlaat uiteindelik die huis saam met die hofnar/die gevaar waarteen Miem haar probeer beskerm. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.*	2 1
17.8	Die afname in die geblaf veroorsaak ’n verskuiwing in die stemming van onheilspellend/dreigend na ligter/vroliker, aangesien dit suggereer dat die gevaar nie meer naby die huis is nie. √	1
17.9	Daar word verwag dat die konstabel, as gesagsfiguur, die inwoners van die huis sal beskerm; egter verklaar hy dat hy blind is en dus nie effektief sal kan optree in ’n gevaarlike situasie nie. / Daar word verwag dat die konstabel die dames teen gevaar sal beskerm, maar ironies genoeg is hy self die bron van gevaar en ontvoer hy later vir Meisie in haar aannemingsrok./ ’n Mens sou verwag dat indien Wagter hulle werklik teen die bose sou beskerm deur te blaf, hy ook sou blaf toe Konstabel daar aankom, maar hy het nie./ ’n Mens sou verwag dat ’n hond met die naam ‘Wagter’ ’n goeie waghond sou wees, maar hy faal in sy taak wanneer Konstabel hulle om die bos lei. √√ *Kandidaat bied enige TWEE antwoorde aan waarin ALBEI kante van die ironie in elk aangespreek word.*	2

17.10	Meisie beweer dat sy moeg is, maar verlaat tog dansend saam met die konstabel die huis. √ **EN** Gertie moedig die ander aan om te gaan slaap sodat sy alleen saam met die konstabel kan wees./sodat sy toenadering tot hom kan soek, aangesien sy tot hom aangetrokke is./omdat sy jaloers is op Meisie en nie wil hê dat Meisie tyd saam met hom deurbring nie. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.* **EN** Ja, Gertie is alleen en dit is dus verstaanbaar dat sy die geselskap of aandag van 'n man sou begeer. √ **OF** Nee, die konstabel is aansienlik jonger as sy en die verhouding is dus onvanpas./As onderwyser behoort sy beter oordeel aan die dag te lê as om 'n konstabel wat kwansuis daar is om hul te beskerm, te probeer verlei te midde van 'n gevaarlike situasie. √ *Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.*	1 1 1
17.11	Meisie werk goiingsakke waarin **mis** verpak word sodat hulle 'n inkomste kan verdien om te oorleef. / Al die dames wat in die huis is, **mis** die gevaar wat die konstabel inhou vir wie hulle ingenooi het om hulle te beskerm. / Die meisies wat ver**mis** geraak het toe die sirkus op die dorp was. √√ *Kandidaat bied enige TWEE antwoorde aan.*	2
17.12	Meisie toon karakterontwikkeling, aangesien sy in TEKS K onderdanig optree/haar ma se instruksies volg sonder om dit te bevraagteken/nie vir haarself opstaan nie, terwyl sy in TEKS L haar ma aanspreek en versoek om op te hou praat omdat dit haar bang maak./sy nie huiwer om haar ma stil te maak nie.√ *Kandidaat moet na albei tekste verwys.* *Kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*	1
		[25]
	TOTAAL AFDELING C:	**25**
	GROOTTOTAAL:	**80**

AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

KRITERIA	Uitsonderlike	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 6 PUNTE	**5-6**	**4**	**3**	**2**	**0-1**
	Diepgaande interpretasie van onderwerp	Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer	Redelike interpretasie van die onderwerp	Onbevredigende interpretasie van die onderwerp	Geen begrip van die onderwerp nie
	Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is	Respons redelik gedetailleerd Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie	Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp Enkele argmente gegee, maar bewyse nie altyd oortuigend nie	Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie	Geen verwysing na die gedig nie
	Uitstekende begrip van die genre en gedig	Begrip van die genre en gedig duidelik	Basiese begrip van genre en gedig	Onvoldoende begrip van genre en gedig	Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie
STRUKTUUR & TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 4 PUNTE	**4**	**3**	**2**	**1**	**0-1**
	Samehangende struktuur	Duidelike struktuur en logiese vloei van argument	Enkele bewyse van struktuur	Struktuur toon tekens van swak beplanning	Struktuur swak
	Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling	Vloei van argumente kan gevolg word	’n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel	Argumente nie logies gerangskik nie	
	Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek	Taalgebruik grootliks korrek	Geringe taalfoute	Taalfoute beduidend	Ernstige taalfoute
	Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry	Toon en styl is grootliks korrek	Toon en styl is meestal gepas	Toon en styl nie geskik nie	Foutiewe styl

Kopiereg voorbehou

AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

KRITERIA	Uitsonderlike	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 15 PUNTE	**12-15**	**9-11**	**6-8**	**4-5**	**0-3**
	Diepgaande interpretasie van onderwerp Uitsonderlike 14-15 Uitstekende respons: 12-13	Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer	Redelike interpretasie van die onderwerp: nie alle aspekte in detail ondersoek nie	Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie	Geen begrip van die onderwerp nie
		Respons redelik gedetailleerd	Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp	Min punte wat die onderwerp ondersteun	Swak poging om die vraag te beantwoord
	Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is	Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie	Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie	Baie min relevante argumente	Argument oortuig nie
	Uitstekende begrip van die genre en teks	Begrip van die genre en teks duidelik	Basiese begrip van genre en teks	Weinig begrip van genre en teks	Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie
STRUKTUUR & TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 10 PUNTE	**8-10**	**6-7**	**4-5**	**2-3**	**0-1**
	Samehangende struktuur	Duidelike struktuur	Enkele bewyse van struktuur	Struktuur toon tekens van swak beplanning	Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente
	Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling	Logiese vloei van argumente	Logika en samehang is duidelik, maar met foute	Argumente nie logies gerangskik nie	Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk
	Uitstekende inleiding en slot	Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer	Paragrafering meestal korrek	Paragrafering foutief	Paragrafering foutief
	Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek	Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek	Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas	Taalfoute beduidend Toon en styl nie geskik nie	Styl en toon nie geskik nie
PUNTEVERSPREIDING	**20-25**	**15-19**	**10-14**	**5-9**	**0-4**

Kopiereg voorbehou